# Oppie Eiland

Rita Swanepoel

Posbus 532

Goodwood 7459.

(c) 082 874 7207

ritaswa@mweb.co.za

# OPPIE EILAND

NEELS JORDAAN

Drie-en-dertig jarige man kom vanaf enige dorpie in Suid-Afrika. Hy was die jongste van twee seuns. Na matriek het Neels na die groot stad getrek. By sy ouma in ’n huis in die middestad gebly tot met haar dood. Na haar dood die huis ge-erf.

Hy werk as ’n projek administreerder by klein firma in die middestad.

MORAX

Fyn geboude engel. Vlerke op sy rug. ’n Tutu en goue balletskoentjies aan.

BOETA JORDAAN / REGTER CONRADIE

Neels se ouer broer, ‘n fris boereklong wat uit die closet klim.

Daar is nie helderheid of Boeta van sy woonstelgebou se balkon gespring het en of Neels hom daar afgestamp het nie.

Later in die drama verskyn Boeta as Regter Conradie in Neels se ilusie.

BETS / STAATSAANKLAER JUFFROU AVENAND

Neels onthou vir Bets as ‘n mollige vrou. Neels se vriendin vanaf kinderjare. Sy bly nog op die dorp.

Sy verskyn aan Neels as die staatsaanklaer Juffrou Avenant. In die hof is sy ‘n stunning en skraal vrou.

BAREND SMIT

Neels se huidige baas.

©Rita Swanepoel

Barend het op dieselfde dorp opgegroei as Neels. As kind was Neels deur Barend en sy bende geboelie.

PA JORDAAN / REGSVERTEENWOORDIGER MR PIETERSE

Neels se pa. Neels was nooit man genoeg, soos Boeta, vir sy pa nie. Hy is oorlede en kort daarna Neels se ma. Daarna het Neels na die stad getrek. Hy verskryn weer aan Neels as sy regsverteenwoordiger meneer Pieterse.

STEL

*Toneel is ’n klein padded sel van ’n inrigting vir geestelike versteurdes.Regs is ‘n deur met tralies voor ‘n klein opening in die deur. In die hoek is ‘n yster kateltjie.*

*NEELS:* *(Neels sit kop onderstebo op die yster kateltjie. Hy staan op en loop singend na die deur.)* Dis tog so eenvoudig. Dis jy, alleenlik jy en die groter sorge die gaan vanself verby. Niks om te verhaal nie, net die vrede bly. Niks om te betaal nie en skielik is jy vry.

*Hy loop traag deur die sel en gaan sit op bedjie.*

NEELS: (*harde stem. Neels is rusteloos en agitated*) Morax! Morax! Come on man. Waar is jy? ….. this sucks!

*Neels draai na gehoor.*

NEELS: Daar’s ’n engelse gesegde wat lui that you must hope you never get what you wish for. Morax het my nie gewaarsku dat mens spesifiek, meer spesifiek en nogmaals spesifiek moet wees wanneer jy wens nie; of die outcome gaan moers anders lyk as waarvoor jy dink jy gevra het.

*Staan en loop weer na deur. Krap sy kop asof alles net nie vir hom sin wil maak nie.*

NEELS: Ek kan nie onthou of ek gevra het vir my eie eiland en of ek gespesifiseer het om op my eie, op 'n eiland te wees nie.

*Druk sy gesig teenaan die  trallies.*

NEELS: (*skree*) Lakei, bring vir my 'n Grandpa!

*Hy sak af op sy hurke en hou sy kop vas.Staan op en druk weer sy gesig teenaan trallies.*

NEELS: (*skree*) Lakei. Julle dowe donners. Bring sommer vier Grandpa's. My kop wil bars!

*Neels skop teen die padded muur. Dan stamp hy sy kop. Hy vertoon beangs.*

NEELS: (*Woede in stem*) So fine! Ek was nie spesifiek met my wens nie, maar ek het julle bevel tog spesifiek en tot op die laaste detail uitgevoer. En ek is deur hel vir julle saak. Tel dit nie? Gee dit my nie bietjie negotiation powers nie?

*Loop rond en gooi weer tantrum. Skop en slaan teen muur.*

NEELS: Morax! Morax! Jou bliksem! (S*agter en smekend*) Morax waar is jy nou, man?

*Verpleer loer deur trallies. Neels kyk hom aan en asof hy weet wat van hom verwag word; beweeg hy weg van die deur af. Sodra Neels in hoek van sel sit maak verpleer deur oop en plaas skinkbord met papbak op die sel se vloer. Neels storm op die deur af. Betyds is verpleer uit en deur toe. Neels gryp papbak, hardloop na agterkant en gooi papbak teen deur.*

NEELS: (*Woedend*) Weet julle met wie julle hier deal? Een woord hiervan aan Morax en julle skyt waarvan julle nie geeet het nie.

VERPL: (*deur trallies*) Meneer Jordaan, hoe langer jy gaan opspeel, hoe langer gaan jy onder bedwang gehou word.

NEELS: Onder bedwang? Op my eiland? Is julle gek?

*Verhoog word donker. .*

STEL

*Neels se slaapkamer. Bed staan teen agtermuur. Aan die voetenend van bed is venster met gordyne voor.Langs venster staan smal klerekas. Aan regterkant is ‘n gemakstoel en ‘n deur agter dit wat die gang afloop.Teen regtekant staan ‘n bedkassie teen die bed. Onderkant van bedkassie is kolleksie lp’s. Kamervloer is gestrooi met papier, koerante en tydskrifte.*

*Verhoog totaal in donkerte. Ligkol volg Neels wat effens sliggerend en dronklomp die kamer inkom. Hy doen n John Travolta flash en gryp na sy crotch.*

NEELS: By the light of the night…………. (*hy swaaisy heupe rock ‘n roll en ruk sy onderlyf vorentoe*) it will all seem alright!

*Hy trek sy klere uit en laat dit stuk, stuk op die grond val. Stewels, jeans,*
*Haal opgerolded knee high sykouse uit die gulp van sy jeans,*
*Maak holster met mes daarin los vanaf sy kuit en gooi holster op stoel.*
*Ligkol wys kamer uit wat besaai is met ou koerante en papiere van allerhande aard op die vloer.*
*Met net ’n onderbroek aan klim hy in die bed. Sit die bedlamp aan.*
*Sukkelend gooi hy water vanaf waterfles in glas. Gooi paar pille uit botteltjie en sluk af.*
*Sit ‘n nerdy swartraambril op en stel die wekker. Draai om om te slaap.*
*Binne drie sekondes sit hy weer die bedlamp aan en check die wekker, sit lig af en trek duvet oor kop.*
*Tik tak en die muurklok in gang slaan ‘n uur. Nog ‘n paar tik tak.*

*Neels sit bedlamp aan, klim uit, voel die kamerventster, beweeg uit kamer, sit gang lig aan,*

*Tik tak. Neels kom terug. Klim in bed en sit bedlamp af.*

*Tik tak en die muurklok in gang slaan ‘n uur. Nog ‘n paar tik tak.*

*Neels sit bedlamp aan, klim uit bed en stel die huisalarm wat teen muur gemonteer is. Voel of vensters toe is en klim weer in die bed.*

*Verhoog verdoof tot totale donkerte. Muurklok slaan met tussenposes die ure twaalf-uur, dan eenuur, dan twee-uur en dan drie-uur.*

*Ligkol skyn op Neels in die bed. Neels se slaap word versteur. Die beddegoed is van hom afgeskop. Hy rol oor bed. Dit is duidelik dat iets hom wakker gemaak het. Neels trek kombers stadig weer oor kop en dan weer stadig af om te bekyk wat in sy kamer aangaan. Dan lig hy sy bolyf en kyk in die kamer rond. Lê weer en rol rond.*

*’n Baie flow ligkol skyn op Morax. Net sodat daar ’n silhouette van ‘n menslike figuur afge-ets is. Neels se beweging maak Morax bewus dat Neels wakker is.*

MORAX: (*’n blikkerige stem*) Neels?

*Neels skrik. Beweeg agtertoe in bed en sit teen muur op.*

*Lang stilte. Neels vryf sy oë. Hy sak weer af in die bed en maak sy kop toe met kombers.*

MORAX: Neels.

NEELS: (*in ’n sopraniese benoude stem*) Ja?

*’n Tweede ligkol verlig vir Morax. Hy vou n tydskrif toe en skuif vorentoe in stoel.*

MORAX: Ek is Morax.

NEELS: (*benoud maar ook onsteld*) Wat doen jy in my kamer?! Wie’s jy?

*Tyd verloop. Muurklok getik raak harder en verdoof weer.*

MORAX: Ek weet dat jy hierdie situasie bizaar sal vind, maar ek is nie hier om jou enige leed aan te doen nie.

NEELS: (*bietjie astrant*) Hoe het jy in hierdie fort ingekom? Alles is gesluit en gegrendel?

MORAX: Ek het nie deure of vensters of gange nodig om in te beweeg nie.

NEELS: (*sarkasties*) Né? Wat’s jy dan? ’n Spook? ‘n Vampier?

MORAX: Mense kyk te veel flieks op hierdie planeet. Miskien moet jy net eers luister en dan sal jy vir al die vrae antwoorde kry.

*Neels skuif bangerig onder die komberse uit.*

NEELS: As jy een wrong move maak is my hand op hierdie panic button. (*wys na panic button wat bo bedstyl gemonteer is*) Daai ouens is brutal. Bliksem eers en vra dan vrae.

MORAX: Jy sal nie hulle beskerming nodig hê nie. Ek is ’n engel

NEELS: (*giggel senuagtig*) Vanwaar nogal?

*Die verhoog verlig. Wat die twee persone in een kamer plaas.*

*Morax buk af en tel ’n goue balletskoen op.*

*Neels beweeg vorentoe om te kan sien wat hy op die vloer doen. Sy hand gereed om na die panic button te reik.*

*Morax kruis been oor been (manskruisbeen) en trek die skoen aan. Dan buk hy en tel die ander skoen op kruisbeen trek hy dit aan.*

MORAX: Dit is irrellevant vanwaar ek kom. Eenmaal in 'n eurta besoek ek die aarde en vervul 'n aardbewoner se wens.

*'n Lagbui oorval Neels.*

*Morax wag totdat Neels tot bedaring kom.*

NEELS: Een maal 'n dag besoek ek die Pers Tier en suip totdat ek geen wense oor het nie.

MORAX: Ek doen hierdie reis al vir ses duisend eurtas en meeste mense met onvervulde wense drink hulle hunkeringe daarna weg.

*Dis asof Neels se suspisie weer verhoog met hierdie gesels van Morax. Neels beloer die kamer en dan vir Morax. Neels soek die dik swartraam bril op bedkassie, vind dit en sit dit lomp op.*

*Morax het 'n kalm houding en is deur die geprek uitdrukkingloos.*

MORAX: So Neels, sê vir my... wat is jou grootste wens wat jy so probeer wegdrink?

*In 'n dowwe ligkol verskyn Pa. Hy is in kakie geklee; boerehoed op die kop en uitgetrapte skoene. Hy vertoon soos 'n geharde boer.*

PA: My kind dra nie ‘n bril nie. ‘n Boerklong met ‘n bril is so stupid soos ‘n cowboy met ‘n bril.

(kyk na kant van verhoog) Ma! Jy moet vir die klong meer kos opskep sodat hy vleis aan sy beendere kan kry en ‘n man soos Boeta kan uitdraai.

*Pa verdwyn.*

NEELS: My wens is dat jy net terugglip waar jy ingekruip het en my met vrede los. Ek sukkel met niemand nie.

(*stilte*) Sou ek weer slaap; sal jy verdwyn?

MORAX: Neels, Het jy enige wens?

*Tyd verloop en die muurklok tik harder en verdoof. Neels neem die botteltjie pille, vroetel senuweeagtig om botteljie oop te kry. Gooi ’n paar pille in sy hand en sluk met water af.*

MORAX: Het jy ’n wens?

NEELS: (*gil hard*) Ja. (*sagter*) Ja … Seker. Het almal nie wense nie? Aah, jy is daai genies wat uit die lampies kom wanneer dit gevryf word?

MORAX: En jou wens is?

NEELS: (*stem raak weer buite beheer*) Hel, ek het ’n moerse klomp wense. Sukses, geluk, sakke vol geld.

MORAX: Neels, kom ek maak dit vir jou eenvoudiger. Ek kan net materiële wense vervul. Abstrakte dinge soos sukses, liefde en geluk kan ek nie vervul nie.

NEELS: Nou hoekom nie? Ek is seker meeste mense wil hierdie soort van dinge hê.

MORAX: Eintlik wil die meeste mense net geld hê. Die quick fix tot alle dinge. En ek kan sien hoe draai die dollars in hulle oë wanneer hulle dink, maar dan

word hulle deur die cliché, van geld kan nie liefde en geluk koop nie, verwar en baie verander die wens van geld.

NEELS: Vra hulle dan nooit vir liefde en geluk nie.

MORAX: Nee, want ek vertel hulle dat ek nie begrippe wat net in mense se verstand bestaan kan vervul nie. En onthou ek kan net een wens vervul.

NEELS: Uhhhm …. Uhm …. Uhm. (*staar na die plafon en dink*), Love is not true, its just something we do. (*Dan dink hy weer diep*) Ek wil graag weg wees van alles en almal hier rondom my.

MORAX: Nee, dit is te vaag. Jy sal baie, baie meer spesifiek moet wees.

*Neels dink en sy oë dwaal deur die kamer. Hy bly lank na die lp's onder in die bedkassie staar. Hy skuif effens uit die bed uit en neem Pink Floyd se Tubular Bells lp uit die rak.*

*Die omslag verskyn op 'n agtermuur vir die gehoor om te kan sien. Standbeelsde van koppe.*

NEELS: That's it!

MORAX: Jy wil 'n LP hê? Ja, die goed is maar moeilik bekombaar deesdae.

*Neels beweeg vorentoe en sien dat hy nie genoeg sal kan strek om die lp vir Morax te gee nie. Hy gooi die lp op die voetenend van die bed.*

NEELS: Nee man, kyk die prentjie.

*Morax tel lp vanaf bed op. Hy betrag die voorkant die agterkant en bekyk weer die voorkant.*

MORAX: Jy wil groot standbeelde van koppe hê?

NEELS: Nee, dis die Paas eilande. (*opgewonde*). Man, ek wens ek kan op my eie eiland bly. Dissit, my eie eiland.

MORAX: Goed. Jy is seker?

NEELS: Doodseker.

MORAX: Dan sal dit so wees.

*Stilte. Muurklok tik harder en verdoof.*

NEELS: Dan sal dit so wees? Wat beteken dit?

MORAX: Net dit. Dat jy transcent sal word na ’n eiland van jou eie.

NEELS: Net so? (*raak geirriteered*). Kyk ek weet nie wie jy is nie, maar ek is darem ook nie in Korea gemaak nie. Dinge gebeur nie net sommer omdat jy daarvoor vra nie.

MORAX: Neels, dinge gebeur soms net so eenvoudig soos om daarvoor te vra.

NEELS: Ek het gebid vir ‘n girlfriend en nie gekry nie. Toe vry ek maar ‘n ander man se vrou af en bid vir vergifnis.

MORAX: Daar is geen trick wat ek kan doen om jou te oortuig nie.

NEELS: Dis wat Jesus aan die slang in die woestyn gese het. Maar deesdae se mensdom is nie so gullable soos die slange in die bybel nie.

MORAX: As jy wil luister het jy tog niks om te verloor nie.

NEELS: Ek verloor ’n paar uur se slaap en môre is ’n werksdag. Wanneer is ek veronderstel om na hierdie eiland toe te vertrek?

MORAX: Jou eurta sal oor vyf sellinêre begin.

*Neels kyk verward na wekker op bedkassie. Hy drink water wat in glas oor is. Tap glas weer vanuit 'n glaskraffie vol; gooi pille in hand en sluk af met water. Hy raak meer ontspanne en sak laer af in die bed.*

NEELS: Okay, okay, ek gaan nou saamspeel. Sal hierdie vyf, …vyf … watse goed is dit? Sal dit nog lank wees?

MORAX: Sellinêre. Maar in jou geval is die vyf sellinêre eintlik 'n tydvermorsing. Ek kom gewoonlik vroeg, want meeste mense het baie meer tyd nodig om hul wense tot een te ellimineer. Mense is so besluitloos.

NEELS: Shit, so ek kon nog gedink het oor die saak.

*Dit jeuk op Morax se rug en hy krap net bo die vlerke.*

MORAX: Maar natuurlik, Neels. Jy kon jou tyd geneem het. Ek het nie gesê jy moet dadelik kies nie. Ek het gesê jy kan net een wens vervul kry.

NEELS: En hoe moes ek dit weet? Kan ek oor kies?

MORAX: Bly by dit wat uit jou primêre brein kom. Sodra jy besluite met redenasies neem versteur jy jou ware begeertes. Ons moet praat vanaf ons hart na ons mond. Nie vanaf die hart na die verstand na die mond nie.

NEELS: Okay, okay, ons maak nes jy se. Wat doen ek totdat ek moet gaan?

MORAX: Jy kan verder slaap as jy wil.

NEELS: En wat doen jy dan?

*Morax staan majestieus op en dwaal deur die kamer. Kyk hier en tel daar iets op.*

*Neels raak skrikkerig en beweeg weer teen die bedrant op wanneer Morax naby aan bed kom.*

*Morax stap tot by die bedkassie en tel die pillebotteltjies op en lees etikette en plaas terug. Neels klim nog hoër teen bedrant op. Hy hou sy hand gereed om die paniekknoppie te druk.*

*Morax tel holster met mes op. Hy haal die mes uit.*

MORAX: Dra jy dit op jou, Neels?

NEELS: Ja, soms in die aande.

MORAX: Al ooit gebruik?

NEELS: Wat bedoel jy?

MORAX: Het jy dit al ooit in enige gedeelte van ’n persoon se liggaam ingedruk?

NEELS: Ek was een aand deur drie skollies aangekeer en ’n paar wilde swaaie het van hulle ontslae geraak.

*Morax druk mes weer in die holster en lê holster weer op stoel.*

MORAX: En het enige van die swaaie in ’n liggaam beland?

NEELS: Ja, maar ek weet nie hoeveel skade dit gedoen het nie, want ek het gat skoongemaak. Moet ek inpak vir die eiland?

*Morax beweeg terug na die stoel en Neels relax weer.*

MORAX: Jy kan saamneem wat jy wil solank dit in ’n gastrien pas.

NEELS: Ek wil regtig graag saamspeel, maar ek het g’n cooking clue waarvan jy praat nie. Wat’s ’n donnerse gastrien? Ek weet nie of ek vir hierdie mumbo

jumbo taal val nie en of hierdie strange woorde my oortuig dat jy van outer space kom nie.

MORAX: Ek kom nie van outer space nie.

NEELS: Ek het nog g'n idée vanwaar jy kom nie. Vir al wat ek weet het jy van iewers ontsnap. 'n Houdini na-aper wat deur tralies kan wriemel.

*Stilte.*

NEELS: Nogtans is daar 'n gedeelte van my verstand wat wil glo dat my geluk gedraai het. 'n Gedeelte wat so opgewonde is dat ek nie verder sal kan slaap nie. Is 'n eiland baie mense se wens?

MORAX: 'n Eiland is deesdae nogal 'n populêre wens.

NEELS: Hoe so?

MORAX: Siende dat jy daarvoor gewens het, behoort jy die vraag te kan beantwoord.

NEELS: Wel, my rede is omdat die mensdom met sy geite my net mooi gatvol maak. Dat ek mense ontstel en dan met n moerse guilt feeling sit.

MORAX: Alle mense of die naby aan jou? Jou vriende en familie?

NEELS: Wat is jy? 'n Shrink ook? Vriende stel ek glad nie belang in om te hê nie. Als is baie nice as jy die ontvanger is van die liefde en aandag. Maar ek moet ook ewe ge-intereseerd sit en luister na 'n ander ou se vervelige lewenswroegings. Dis net te sielsuitputtend sodat ek elke dan en wan aandag kan kry. Dit terwyl ek weet hulle fake die belangstelling nes ek. Mense is soos liniale wat mekaar allewig meet en ek is gebore die kort ene.

MORAX: Jy voel so omdat jy jouself te kort meet.

NEELS: Moenie met daardie smart snert kom nie. Ons struggle met meer as wat ons kan handle. Dis snert dat die lewe jou nie meer sal gee as wat jy kan handle nie.

*Blou ligte van polisievoertuig flits deur die kamer. ‘n Sirene skree padaf. Bure se hande blaf.*

*Lang stilte.*

NEELS: Is dit vir jou wat hulle soek?

*Neels wys na paniekknoppie.*

NEELS: Ek se jou net. Een verkeerde move en ek druk die knoppie.

MORAX: Ontspan. Ek is hier met goeie intensies. Wat is dit wat jy nie kan handle nie, Neels?

NEELS: Dat ek dag na dag in daai sick dying building moet werk. Daai strukture van bakstene neem all those within it on a slow and suffocating journey to death. Dis die mense se negative energy wat daarin los gelaat word. Dis wat ‘n sick building is. Die eerste tekens van my eie doodgaan was in daardie gebou. ’n Lusteloosheid wat my oorval het. My voete het al hoe swaarder geraak. Die gange het al hoe nouer en langer geraak.

MORAX: Hoekom het jy nie gewens dat jy nie weer hoef te werk nie?

NEELS: Aaa, so vang jy nie vir my nie. As ek sê ek wil nie werk nie laat jy dalk my voete of hande afval sodat ek nie kan werk nie. Iets soos die houtkapper se dogter wie se voete moes afgekap word sodat sy kan ophou dans.

*Neels hou dop vir enige reaksie van Morax. Geen.*

NEELS: Dit gaan nie soseer oor dat ek nie wil werk nie. Na die lusteloosheid het die oortreffende trap van lusteloosheid ingetree. Tamheid. Ek het dit probeer reggestel met ’n paar ekstra vrugtetjies. Al sweer die health freaks daarby, het dit vir my niks beteken nie. Die tamheid het toe oorgesit in ’n ordentlike kapoetgeid. Swaartekrag het nie net aan my voete gehang nie; my hele liggaam het gesleep. My liggaam wou implode.

MORAX: Maar jy moet verantwoording neem. Jy moes probeer het om hulp te kry vir jou kwynende toestand.

NEELS: Hulp help nie veel nie. Dis die slytasie van vandag se lewe wat ons laat kwyn.

MORAX: Neels, elke spesie moet evolusionere aanpassings maak vir sy voortbestaan.

NEELS: Ja seker, maar skepsels wat veronderstel is om te werk was met vier bene design. Hoe kan dit van die mens verwag word om te moet voortleef met ’n liggaam wat vierduisend jaar gelede gedesign was om in ’n tuin rond te lê?

MORAX: Neels, hopenlik glo jy nie die paradys stukkie nie.

NEELS: Maar jy is ’n engel, moet jy dit nie glo nie?

MORAX: Ek dateer lank voor die paradys. Ek kan jou verseker daar was geen paradys nie. So daar gaan jou teorie.

NEELS: Al hang jy die big bang teorie aan het hierdie liggaam ge-evolate toe daar nie vandag se stress and strain was nie. Dis hoekom mense se joints nie hou nie. Hoekom sappe wat kos moet verteer gate in ons maag brand as gevolg van stres. Dis hoekom daar maar so dan en wan ’n joint geswaai moet word.

MORAX: Maar vir julle voortbestaan het julle chemiese produkte ontwikkel. En daar is nik verkeerd om ’n kurk op te neem of ’n pil te sluk nie

NEELS: Juis rondom daai tyd van my tamheid was die advertensie op tv van die ouman wat vol lewenslus die ou antie op die swaai rondstoot…….. Of is dit rondswaai.

*Neels wag om te kyk of morax die grap waardeer, maar daar is geen respons vanaf Morax.*

*Traag haal Neels sy een been onder die deken uit. Hy kyk vir Morax wat in uitdrukkingloos na hom kyk. Daar is by Neels die verwagting dat Morax sy ongemak sal kan sien en wegkyk.*

NEELS: Is engele mans of meisies?

MORAX: Ons is geslagloos.

NEELS: En seksloos?

*Die twee kyk mekaar vir ‘n lang tyd woordloos aan.*

*Vinning staan Neels uit die bed. Hy hou sy hande voor sy onderbroekie; voel verspot en haal dit weg. Voel naak en plaas sy hande weer voor sy onderbroekie.*

*Dan sien hy sy jeans; tel dit op en plaas dit weer oor stoel. Sien t-shirt; tel dit op en trek aan. ’n Pakkie sigarette val uit die t-shirt sak. Neels tel op en sit op rand van bed.*

NEELS: Sal jy omgee as ek rook?

MORAX: Glad nie.

*Neels steek sigaret aan en trek lang kooltjie. Saligheid. Die straatlamp gaan buite af. Neels gee nog paar trekke en maak sigaret dood.*

*Gedurende die gesprek wat volg trek Neels aan. Uit die klerekas haal hy nerdy kantoor klere en trek dit aan. Totaal in kontras met wat hy die vorige aand aangehad het.*

*Hy is baie bewus van Morax en enige bewegins vanaf Morax se kant laat Neels vir 'n moment stil, totdat hy tevrede is dat hy nie bedreig word deur Morax nie.*

NEELS: Iedergeval ek het 'n pakkie van die maak-die-lewe-lekker pille gaan koop. Dit was ongelooflik oor hoeveel botteltjies van alle soorte daar was wat kamtig vir die mens lewenslus gee. As daar so baie botteltjies net in daardie apteek was, hoeveel mense is daar dan wat moeg is, het ek myself afgevra?

MORAX: Jy is moeg vir mense om jou. Die ander wie ek besoek het is moeg vir sukkel. Moeg vir hartseer. Moeg gewerk.

*'n Skielike gedagte kom by Neels op. Hy kyk na Morax en dan na die alarm kontroleboks. Puzzled. Stadig beweeg hy nader aan die kontroleboks. Maak die flappie oop.*

NEELS: Jy het nie die alarm afgetrigger nie.

MORAX: Slotte, grendels, trallies en alarms is nie konsepte in my dimensie.

*Neels disarm die alarmstelsel en loop gepuzzled trug om verder aan te trek.*

NEELS: Maar ons vrot skepsels kan net oorleef agter slotte en grendels. En al hulle suffering is daar as gevolg van ander mense. Ek het aandagtig begin luister en lees wat sê ander oor die moegheid. En die oorsprong van die mens se suffering is n ander mens wat hulle meet.

*Neels steek weer sigaret aan. Neem 'n paar trekke en los in die asbak terwyl hy aantrek. Hy waai die rook wat Morax se kant toe trek weg.*

NEELS: Met tyd het ek minder arrig gevoel oor my toestand en lekker saam gesels met hierdie fu fu rige mense. Later selfs dokter toe. Elke toets op elke orgaan was geslaag en volgens die dokter het ek die binnegoed van ’n jong seun gehad.

MORAX: Sou dit nie ’n wyse besluit wees om na ’n kliniese sielkundige toe te gaan nie?

NEELS: Nie eintlik nie. Daai kopdokters skryf als neer en wanneer mens eendag in ’n hof beland kom elke ou onskuldige sondetjie uit. Ek dink dit is net by ’n priester vir ewig konfidentieël. Ek het al soveel keer in die koerante gelees oor mense wat aan die skiet gaan en dan getuig hul shrinks in die hof. Vir versagting verklap die shrink al die persoon se snaakse seksdingetjies. Sy diepste geheime word op die dakke van die samelewing uitgebasuim. Dan na al die helse humiliation kry die arme drommel ’n korter vonnis of moet malhuis toe gaan.

MORAX: Vir wat sal jy in die hof beland?

NEELS: Nee, dis nie net dit nie. Het ek kans gesien vir al die ontraffeling in terapie sessies? Dinge is in ons onderbuwussyn vir ‘n rede. Om te vergeet daarvan.

Dis hoekom dit in die onderbewusyn is. Anders hoekom is daar ‘n onderbewusyn?

MORAX: Dus het jy nie by ’n shrink gaan aanklop vir hulp nie?

NEELS: Jy weet maar min vir ’n engel.

MORAX: Neels, ons hou ons nie besig met die monitering van die aardse skepsille nie.

NEELS: Dis waar. God is mos die een met die groot boek waarin hy skryf.

*So terwyl Neels aantrek rook hy en waai politely die rook weg.*

MORAX: Sommige mense het nodig om in die groot boek en oordeelsdag te glo sodat hulle goeie mense kan wees. En vir hulle is dit reg so. Van waar het jou hulp vandaan gekom?

NEELS: Beslis nie van wat okkal daar bo is nie. Bets moes ernstig met ou dokter Kellerman gepraat het, want toe ek hom weer gaan sien, het hy ’n bom voorgeskryf. Beslis nie net ’n tonic nie. Moes hoog op die skedule gewees het. Die eerste paar pilletjies het vir my moeër gemaak as wat ek was, maar toe daai magic korreltjies eers inskop het die voëltjies vroliker gefluit, die paddas het in kanon gekwaak en die lig was ’n violet blou. Die ou kwak was ook sommer ’n wonderlike man en elke drie maande was ek daar vir my check-up en ’n top-up van my pilletjies.

MORAX: Nou hoekom sing die voëltjies nie meer deesdae vir jou nie?

NEELS: Op ’n dag stel die einste wonderlike man voor dat ek bietjie moet aflê met die pilletjies en kyk hoe ek voel daarsonder. Vir ’n dag of twee was als fine, maar teen die derde dag donner my siel in die swartste put af. Die kwak

was ferm daaroor dat ek nie vir die res van my lewe op die pille kon bly nie. Die goed was verslawend.

MORAX: Julle is die enigste planeet waar die goed in julle wêreld wat nadelig is vir die bewoners; aangenaam is vir die bewoners. Baie agterste voor om.

NEELS: Ek het gesê dat as dié salige gevoel wat ek ervaar het met die pille wel verslawing was, was ek dood tevrede om ’n verslaafde te wees. Die ou donner wou nie my woord daarvoor neem nie en het met ’n alternatiewe plan gekom. Ek behoort ’n sielkundige te gaan sien. Ek het geweier, want ek was moeg en nie mal nie.

MORAX: ’n Kenmerk van julle planeet is dat almal ‘n krakie deur die koppe het.

*Pa verskyn in die gangdeur.*

PA: Hoe is dit moontlik dat ek my bes gedoen het om twee tawwe boerseuns groot te maak en albei draai uit om sussies te wees?

NEELS: (*kyk woedend na gang*) Ek is nie ‘n vokkin sissie nie!

*Pa verdwyn. Neels vertoon skapering.*

NEELS: Volgens die kwak was ek depressief. Ek was de moer in. Dit was genoeg dat Boeta se oog dof geword het van verdriet oor die moffie-isme waaraan hy gely het. Ek self gaan nie ingee en ’n swak sielige word nie. Soos pa wou ek die lewe in die oë staar maak nie saak wat dit my kant toe slinger nie. Maar om ’n lang storie kort te maak is ek ten einde laas maar na die shrink toe.

MORAX: En het dit jou beter laat voel as die pille?

NEELS: Never nie, maar dit was ’n ondervinding. Ek het soveel meer aan soveel meer dinge gedink. Snaaks genoeg was een van die dinge wat hy wou weet is of ek al lus was om mense te skiet en ek het ja geantwoord. Daar was tye wat ek maklik vir Boeta, sy moffie maatjie en Barend Smit, my baas, kon vrek skiet.

MORAX: Hoekom het jy nie?

NEELS: Seker omdat ek nie ’n rewolwer gehad het nie.

MORAX: Sal jy jouself kan skiet?

NEELS: Nee, maar ek was baie keer lus en spring van ’n gebou af; nie om dood te gaan nie, maar net om te voel hoe die spring voel.

*Neels haal nog pille uit die botteltjie en sluk af.*

MORAX: Sluk jy daardie spul pille op ’n leë maag?

NEELS: Ek gaan nou-nou eet.

MORAX: Waar pyn dit?

NEELS: Nog nêrens nie, maar as ek nie die pille afsluk nie gaan ek netnou ’n hoofpyn hê wat my kan plattrek vir die dag.

MORAX: Maar wat veroorsaak jou pyn? Eensaamheid?

NEELS: Nee, nie eensaam nie. I am alone by choice. As jy op niemand leun nie en niks van iemand vra nie. Hoef niemand jou te steun nie. Hoef niemand jou te dra nie.

*Morax vryf aan sy ken en lyk geintereseerd. Hy Morax krap weer bo sy vlerk en begin meer lewendig vertoon.*

MORAX: Wat doen die baas dat jy hom op jou hit list het?

NEELS: Onbevoegd om ’n baas te wees. Die management gepeupel con hulle pad boontoe op die corporate ladder. Smit is ’n christen wat sy pad deur top management se anus oopgebid het.

MORAX: Het jy ’n weersin in Smit omdat hy die baas is of omdat hy ’n man van god is?

NEELS: Smit mag nouwel sondae ’n man van god wees, maar die res van die week is sy mond vol van vloek, bedrog en verdrukking. Hy baar leuens. Onder sy tong is moeite en onreg. Hierdie man het my die finale knou in die christelike geloof toegedien.

MORAX: Is jy in opstand teen Smit?

NEELS: Ek moet bieg dat ek wel die lewe vir hom ondraaglik probeer maak en ek is van die weiniges wat dit doen. Smit is skerp met die bek en gewetenloos en sy teenstanders kom die slegste daarvan af.

MORAX: Gaan hierdie woede teenoor Smit dieper as die werksituasie?

NEELS: Wat is dit? Twenty questions? Ek dag jy is hier om my wens te vervul? Dit klink al hoe meer soos ’n sielkunde sessie.

MORAX: In jou geval kan ek nie anders as om my ore te spits nie.

NEELS: Ek en Barend, dis nou Smit, het in dieselfde dorp opgegroei. Hy was ’n paar jaar ouer as ek en een van die dorp se boelies. Vir die een of ander rede het hy op my ingezoom. Die bosebende het hulle hulself genoem. Heel appropriate ook, want hulle het die mees grusaamste dinge daar in die bos aangevang. Baie keer het hulle die kinders die bos ingesleep en daar geteroriseer. Buite die bos was hulle mammie en pappie se suikerklontjies.

MORAX: Is dit nie maar so met alle kinders nie?

NEELS: Nee. (*Neels se gedagtes dwaal*) In elk geval. Ek sou hulle in die bos agtervolg en dophou. Ek het gevoel soos ’n god. Soos die een wat ons

dophou en weet van alles wat ons verkeerd doen. Ek het die ware Barend geken en hy weet vandag dat ek daardie Barend onthou.

*Neels raak aangedaan en skink water en sluk twee pille.*

NEELS: Maar soms het ek opgeslip en hulle sou bewus raak van my. Dan sou hulle my vang en terroriseer. Soos om my onderstebo aan bome te hang of vollyf in die grond te begrawe en daar te los tot voor dit laatmiddag raak. Wanneer ek bebloed uit die bos kom het Boeta my oor en oor gevra wat aangegaan het. Elke keer het ek die een of ander leuen uitgedink. As Boeta vir Barend in die hande moes kry sou hy hom sweerlik vermink het. Hulle sou nog steeds nie met my einde kry nie en Boeta sou baie beslis in die moeilikheid beland het.

MORAX: Boeta is jou broer wat jy verlede jaar van die balkon af gestamp het?

*Neels se houding spring orent.*

NEELS: Ek het hom nie daar afgestamp nie? Is jy nie veronderstel om die waarheid te weet nie? Hy was my liefling broer. Ek het dan sopas vir jou vertel hoe hy vir my in die bresse getree het.

MORAX: Ons weet nie als nie. Net die karma om ons is alswetend.

NEELS: Wel weet dit nou. Dat ek het hom nie afgestamp nie. Hy kon homself nie meer verduur nie en daarom het hy gespring. Al was pa dood het hy geweet vandat hy uit die closet gekom het, sal hy altyd te kort skiet aan pa se verwagtinge. En wanneer jy mooi groot is, plaas jy net soveel meer waarde op ’n tekortkoming.

*In dowwe ligkol verskyn boeta. Swart hare, snor en borshare. Styfgespande silver broek aan en lyk soos 'n gespierde Freddy Mercury. Strat in die kamer soos Freddy sonder 'n mikrofoon.*

BOETA: Hou op kerm. Hoe dink jy moes ek al die jare voel? Wetend pa sal eerder 'n maargat laaitjie, met brille boonop, kan aanvaar as 'n moffie.

*Neels kyk verskrik na boeta en dan na morax. Dit wil voorkom asof morax glad nie bewus is van boeta in die kamer nie.*

BOETA: As hy moes geweet het dat ek 'n moffie was toe hy nog kragtig was, sou hy my met sy kaal vuiste doodgeslaan het. Hoe dink jy moes dit voel?

*Neels beweeg vorentoe om iets te wil se.*

BOETA: Maar wat ek hom nie kan vergewe, is sy ontevredenheid met jou. Hy sou my aangehits het to rough it up wanneer ons speels gestoei het. Wat ek al die jare nie in my kop kon kleinkry het nie, was dat hoe de donner het ek die moffie uitgedraai en nie jy nie?

*Boeta verdwyn.*

*Neels kyk verward na Morax wat gn beduidenis wys vandat hy bewus was van Boeta. Neels haal grandpa's uit die pakkie wat op die bedkassie staan. Gooi drie poeiers bymekaar en sluk dit met water.*

*Neels sit vir tyd bepeinsend.*

NEELS: Makie saak van waar jy kom nie; jy’s ook maar nie te accepting van hierdie moffie besigheid nie. Ne?

MORAX: Wat het toe met Barend en sy bosebende gebeur, Neels?

NEELS: Nie veel meer nie. Die jare het aangestap. Daar was nog ’n paar onaangename insidente, maar ek het dit oorleef. Barend het na die groot stad getrek.

MORAX: Maar waar pas Barend se vrou in die prentjie?

NEELS: Ek het reeds by die firma gewerk en het hulle iewers raakgeloop. Hy kon nie anders as om my voor te stel nie. Sy was seks in ’n bloesie en broekie. Sy was so familiêr met my dat sy my sommer vir ete genooi het. Ek kon sien dat Barend duisende dode sterf. Maar dis genoeg oor Smit gesels. Daar is belangriker dinge om oor te gesels. Is daar genoeg tyd oor vir ontbyt?

*Morax swaai sy hand na deur met die gebaar dat Neels welkom is om te gaan eet.*

NEELS: Wat het jy daar gelees?

*Morax vou tydskrif toe om voorblad te sien.*

MORAX: Huisgenoot. Amazing in hoeveel huise dit is en hoe heftig die mense dan koes en keer dat hulle dit nie lees nie.

NEELS: Ek se jy moet die Huisgenoot lees, sodat jy weet wat met die volk aangaan. Sal ek weer moet gaan werk?

MORAX: Dit sou als van jou strategie afhang.

NEELS: (*agterdogtig*) Strategie?

MORAX: Net soos die deelnemers aan enige kompetisie tog iets moet doen om die prys te ontvang, moet jy ook.

NEELS: That it! Ek het gedog daar is 'n catch. Dis toe nie so eenvoudig soos jy gesê het van net vra en iets is joune nie.

*Neels staan op met 'n houding van dat hy glad nie meer in die res belangstel en stap na klerekas. Dit is die naaste wat hy aan Morax beweeg en hy vertoon om baie op sy hoede te wees. Hy beweeg tot by kas, wat skuins agter die stoel in waarop Morax sit; met die kamerdeur daartussen.*

MORAX: Ek gebruik net die voorbeeld van 'n kompetisie. Dit is net dat jy 'n takie moet uitvoer om jou beloning verdienstelik te maak. En eintlik word elkeen 'n taak gegee wat eintlik sy werklike wens in die lewe is.

*Morax raak al hoe opgewonder en begin passie toon. Morax sit met sy rug na Neels.*

*Neels bekyk Morax van agter af vanaf kas. Haal bottel drank uit kas en sluk 'n paar lang slukke daaruit.*

NEELS: My werklike wens? Ek dog jy't gesê ek moet stick met my eiland wens.

*Neels haal hanger met klere uit kas en stap na bed waarop hy die klere neersit. Neels gaan sit weer op die bed. Steek nog 'n sigaret aan.*

MORAX: Ja, dit is so, maar jou diepste werklike wens is dat Barend aan jou hand sal sterf. Die eiland is nie jou primere wens nie, maar die rede vir jou werklike wens.

NEELS: Ja, maar as ek op my eiland is, het ek niks meer met hom te doene nie.

MORAX: Dis waar maar jy sal altyd wraak vir hom., jou pa en jou broer ronddra.

NEELS: Seker so. Ek sou hom graag wou dood hê. Ek dink as ek geweet het ek het langer tyd kon ek dalk daarop besluit het.

MORAX: (*raak opgewonde*) Die aarde moet gesuiwer word. Die onkruid moet uitgeruk word en die vuil spatsels op die skepping moet uitgewis word.

NEELS: (*neels is taken back met hierdie passie wat Morax toon. Agterdogtig*) En met uitgewis, bedoel jy doodgemaak word?

MORAX: Ja.

*Neels vroetel benoud na ’n botteltjie en neem ‘n paar slukke.*

NEELS: Hoesstroop. En as ek sommer vinnig die kloutjie by die oor bring, gaan ek hierby betrokke wees. Dis nou die ontslae raak van onkruid en spatsels.

MORAX: Jy is die verkose een.

NEELS: Wil jy vir my vertel dat ’n engel daal neer uit die hemele om my te vra om ’n assassin vir die allerhoogste te wees. Is dit nie eenvoudiger as ’n weerligstraal die onkruid tref nie?

MORAX: Nee, want daar is ’n boodskap wat uitgedra moet word. Duideliker en dringender as alle voriges. Daarom kan dit nie sommer net ’n taxi wees wat hom doodry of bendes wat hom doodsteek nie.

NEELS: Om sulke stront aan te jaag en net dalkies is daar ’n hel. Maak nie saak wat die boodskap is nie. (haal verse oor moord aan)

MORAX: Volgens jou calvinistiese fondasie is daar reeds vergifnis vir jou. Judas moes doen wat hy gedoen het. Sou hy die dertig silwerstukke van die hand gewys het sou die woord nie volbring kon word nie.

NEELS: Het my broer se ongelukkie die heelal se keuse vir ’n assasin beïnvloed? Die allerhoogste of die heelal of wat de hel ookal sal mos weet dat ek hom nie afgestamp het nie.

MORAX: Daar was tye wat jy dit tog graag sou wou doen?

NEELS: Ja, ek het nie veel van ’n poging aangewend om hom te keer nie, maar dit maak nie van my ’n moordenaar nie. Kom ons wees nou eerlik met mekaar.

MORAX: Ek dra geen kennis van die keuringsproses nie.

NEELS: Ek vestaan steeds nie hoekom ek gekies is nie. Ek glo glad nie aan ’n god nie en Jesus is vir my net ’n magician.

MORAX: Jy is redelik vertroud met die bybel.

NEELS: Pa het ons kerk toe gedwing. Deur katkisasie en bybelkennis eksamens. Dan nog die huisgoedsdiens in die aande. Ek het in my jeug antwoorde by hom en sy woord gesoek. In sy woord was hy meer judgemental as my pa.

MORAX: Neels, glo jy dat ek ’n werklikheid is?

NEELS: (*dink, neem ’n sluk hoesstroop en neem ‘n tyd om te antwoord*) Ja….

MORAX: Jy hoef nie in ’n god te glo om in engele te glo nie. Ons was daar lank voor die Christendom tot stand gekom het. Hulle het ons geclaim om meer glits, glamour en glitter aan hulle geloof te gee. Hulle het god romdom hierdie angelic konsep gebou.

*Neels steek weer sigaret aan en doen redelik bepeinsing.*

NEELS: Om ’n vreemde die ewigheid in te stuur is seker nie ’n allerdaagse takie wat mens verrig nie, maar om ’n soortvan kennis sommer net so koelbloedig bokveld toe te stuur is arrig. Al haat ek die man.

MORAX: Kan jy nie iemand doodmaak nie of kan jy nie iemand doodmaak wat jy ken nie. Self nie eens as dit Barend Smit is nie.

NEELS: Ja, omtrent daagliks wil ek hom vrek maak, maar ek weet nie of ek die guts het om dit wel te doen nie. Tog moet ek dit sê dat daar was ’n paar kere wat ek baie na moord was. Hoekom moet juis ek vir Smit doodmaak.?

MORAX: Neels, dit is belangrik dat die persoon wat die boodskap uitdra begrip het van waarom hy dit doen. Net dan kan die boodskap authentic oorgedra word.

NEELS: Hoe kan daar van my verwag word om ’n man van god om die lewe te bring? En dan voor sy mense probeer om ’n boodskap uit te dra?

MORAX: Dit is die krux van die saak. Smit saai verwarring en sy soort besoedel die christendom. Hy gee voor dat warped personalities soos syne christene kan wees. Hy is onkruid en moet uitgewis word. Pas op vir die skrifgeleerdes wat graag in lang klere rondloop en van begroetinge op die markte hou en van die voorste banke in die sinagoges en die voorste plekke by die maaltye - hulle wat die huise van die weduwees opeet en vir die skyn lang gebede doen. Hulle sal ’n swaarder oordeel ontvang.

NEELS: Ek verstaan noggie hoekom ek nie?

MORAX: Omdat jy die man se christenskap betwyfel. Jou insig terwyl almal rondom jou blind is vir hierdie man se dubbele lewe. Hierdie insigte van jou sal ’n sterk ondertoon gee aan die boodskap wat jy moet oordra.

NEELS: Wys jou net wat weet die sielkundiges. Die spul wou tot vervelens toe vir my oortuig dat ek paranoïed was oor Smit. Glo oor my paranoia dat ek vas geglo het hy besig was met ’n komplot teen my.

MORAX: En wat het jy gedink?

NEELS: As kind het ek glad nie verstaan hoekom hy my geboelie het nie.

MORAX: As kind het hy al geweet dat jy hom eendag aan die kaak sou stel.

NEELS: Maar hoekom moet ek hom juis doodmaak? Daar is sekerlik baie ander maniere om sy christendom onder hom uit te ruk? Kan ek nie maar net reël dat hy met ’n hoer gevang word nie?

MORAX: Stoere christene word daagliks deur hul swakhede van hul posisie beroof maar dan skiet andere weer net so vinnig op. Of hy bely sy morsery met die hoere en alles is vergewe. Of die einste valse profeet trek net na daar waar hulle hom nie ken nie en wortel hom weer daar in die gemeenskap se gewete en beursies in. Die hemele het besluit dat daar ’n radikale uitwisssing sal plaasvind , maar dat die belangrike faktor is dat daar ook ’n boodskap aan sy soort gestuur moet word. Jy sal hom moet doodmaak en met die publisiteit wat die hofsaak gaan kry, moet jy die boodskap oordra

NEELS: Deesdae kry moord nie meer soveel dekking nie. Dalk bladsy drie of vyf in die koerant. En hoe moet ek die man vermoor? Ek het nie ’n rewolwer nie.

MORAX: Julle kantore is op die veertiende verdieping. Dis mos nog een wat gebou was voor lugreëling, dus is daar nog balkonne met deure wat daarop uitloop. Ook gebou in die jare toe die mens nog nie rede gehad het om van geboue af te spring nie.

NEELS: Hoekom wil niemand my glo dat Boeta uit sy eie wil gespring het nie?

*Stilte terwyl hy dink oor daardie aand.*

©Rita Swanepoel

NEELS: Die polisie het gesê dat g'n man wat wil selfmoord pleeg gaan met sy wynglas in sy hand spring nie. Die glas was in sulke fyn skerwe, maar hulle kon glo met sekerheid sê dat dit die missing een van 'n stel was.

*Stilte terwyl hy dink oor daardie aand. Dit kom voor asof dit moeilik is vir Neels om daaroor te praat.*

NEELS: En al was dit die vermiste glas; hoe moes ek weet hoekom Boeta met die glas gespring het. Ek weet nie eers hoekom Boeta gespring het nie. Ja die mense het nou wel gesê dat ek en Boeta nie oor die weg gekom het nie, maar ons was lief vir mekaar.

*Stilte terwyl hy nog dink oor daardie aand.*

NEELS: Onder andere het ons nog daardie aand lekker gesels oor die ou dae. Die bure wat sê hulle het harde stemme gehoor, praat stront. Wie sê die vloekery was vanaf Boeta se woonstel? Dit kon van iewers anders gekom het.

*Morax buig sy vlerke agtertoe en vou dit soos gevoude arms agter sy rug in.*

MORAX: Neels, ek dink nie jy sou gekies gewees het omrede jou broer van die balkon afgeval het nie. Jy is heel moontlik die uitverkore een omdat jy die anti-christ ge-identifiseer het.

NEELS: Ek sal instem om jou opdrag uit te voer, maar het nodig om na meer detail te luister en te heroorweeg.

MORAX: Maar natuurlik. Ons sal aan geen mens 'n taak gee waarvan hy nie presies weet wat van hom verwag word en wat hy kan verwag nie.

NEELS: Maar julle gee aan ons die bliksemse lewe en geen mens weet waaroor dit gaan of wat om hom aangaan nie.

MORAX: As jy sover in die lewe gekom het, sonder om te weet wat om jou aangaan, hoort Smit nie 'n probleem te wees nie.

NEELS: O ja. Asof ek elke dan en wan van iemand ontslae raak.

MORAX: Jy moet Smit op 'n manier op die balkon kry en dan afstamp. So eenvoudig soos dit.

NEELS: O ja. Asof ek elke dan en wan iemand van ‘n balkon afstamp

MORAX: Hopenlik sal jy gearresteer word. En wat met Boeta gebeur het sal lei tot ‘n hofsaak wat genoeg publisiteit sal kry.

NEELS: Nie een van ons twee kan dit met sekerheid sê nie. Daar is meer sekerheid op arrestasie indien ek in 'n restaurant rook. As 'n verkragter werklik in die stront wil wees, moet hy sy sekondere rook in die verkragte se ruimte blaas. Dis tien jaar vir rook by sy drie maande vonnis vir verkragting.

MORAX: Nog altyd moeilik gewees vir die christen om die begrip te kry van dat die bybel se geskrifte righlyne is waarvolgens hy moet lewe en nie amunusie vir waarmee hy andere veroordeel nie. Maar ons dwaal af.

NEELS: Jy kan mos maar. Ons het mos nog baie gastriene oor. Of is dit eurtas … ot wat was daai ander ding ………uhm, uhm.

MORAX: Dan gedurende die lang uitgerekte hofsaak en daarvan is ons redelik seker, sal aan die wêreld vertel word dat jy Barend Smit moes uitwis

omdat hy die anti-christ is. Jy moet geen regsverteenwoordiging aanvaar nie, want ek sal jou verteenwoordig en prompt.

NEELS: Met ’n lang uitgerekte hofsaak gaan ek ’n lang tyd in die selle moet deurbring. Daar is niemand wat borg sal betaal nie. Die naaste is Bets en sy sal nie, want sy sal dink dat ek te gevaarlik is.

MORAX: Neels, dit gaan nie so moeilik wees nie. Hierdie skrumunk skollies gaan te bang wees om jou te ontstig en jy sal so high wees op adrenalien van jou missie dat die tyd nie lank sal voel nie.

NEELS: Moet ek vandag werk toe gaan?

MORAX: Ek dink dit sal beter wees vir jou Neels. Dit sal seker die beste plek wees om van daar ’n strategie vir jou missie uit te werk.

NEELS: Hoe lank is vyf van daai goeters vir tyd?

MORAX: Sêllinere is nie direk meetbaar aan aardse tyd nie. Dit is ’n kombinasie tussen tyd, take en aksies. Die tydfaktor van een sêlliner is ongeveer tien ure. Dan moet die moeilikheidsgraad van die taak daarmee vermenigvuldig word. Hierdie resultaat sal dan beinvloed word met of jou vermoë om aksies vinniger of stadiger uit te voer as wat vereis was.

*Blou polisie lig flits weer deur kamer. Sirene en honde wat blaf.*

NEELS: Ek weet nie of ek mans genoeg is om die koue blou staal van tronke te kan handle nie.

MORAX: Moenie jou pa se maatstaf gebruik nie.

NEELS: Losh maar, dis heluit gekompliseerd. Wanneer en hoe besoek jy my of bly jy aan in die huis?

MORAX: Nee, Neels, ek sal nie by jou aanbly nie. Ek sal eers weer verskyn nadat jy die daad uitgevoer het.

NEELS: Ek is gereed, maar so bang dat ek weereens te kort gemeet sal wees.

MORAX: Jy sal gereed wees. Onthou net die allerhoogste het jou nie te kort gevind nie.

NEELS: God het in my jeug met my gespeel soos wat ’n kat ’n muis rondklap. Die kant toe en daai kant toe. Juis daarom het ek in my jeugjare geglo dat daar moet ’n god wees wat ons toets. Nou vir baie jare het daar niks gebeur nie en ek het al begin wens god wil weer met my speel.

MORAX: Ja wel, ek is nie ’n ekpert op god nie.

NEELS: Life fascinates me, because death fascinates me.

MORAX: Wat dink jy gebeur hierna?

NEELS: Net mooi niks. Ek dink ons gaan dood en soos alle lewende material vrot ons aan die einde daarvan en dis die einde daarvan. Dis die mens se vanity wat vir hom ’n siel gegee het.

MORAX: As dit is wat jy glo, Neels, en jy is gemaklik met dit wat jy glo, dan is jy ’n gelukkige mens. Baie mense glo, maar hulle is nie seker van hulle geloof nie. Dit maak dat hulle soekend bly.

*Morax staan regop en sprei sy vlerke. ’n Majestieuse prentjie.*

MORAX: Wat is daar voor jou bed?

NEELS: My gedigte.

MORAX: Kan ek dit lees?

NEELS: Nee. Dit was nie geskryf om gelees te word nie. Dis geskryf om van die woelige spoke binne myself ontslae te raak. Ook weinig dat ek die moed

het om dit te lees, want soms skrik ek vir dit wat die vorige aand in my kop was.

MORAX: Hoekom hou jy dit dan?

NEELS: Ek het dit maar gehou omdat dit in pyn en lyding gebaar is en hoe hoër die hopie geraak het; hoe meer was die bewys dat my innerlike gereinig word.

*Neels tel die pak gedigte op en sit dit onder die bed in. Morax maak sy oë toe en kyk boontoe.*

MORAX: Kazo levale kazo zempka ten dorane kozo. (*hy maak sy oë oop en kyk na Neels*)

Ek sal weer aan jou verskryn nadat Smit die tydelike met die ewige verbind het. Ek los van my krag by jou.

*Daar is 'n plof geluid en in die rook verdwyn morax van die verhoog af. Neels staan lank versteen en begin deur die huis hardloop. Hy verlaat 'n deur van die kamer en slegs sy roep na morax is hoorbaar. Hy kom terug, staan verstom in die kamer en kyk onder die bed en in die kaste.*

STEL

*Kantoor waar Neels Jordaan werksaam is. Die stel is in drie seksies verdeel. Regs is Barend se kantoor waar slegs sy lessenaar te sien is. In die middel is klein kantoortjie van Neels. Aan die linkerkant is balkon wat met deur uitloop vanaf Neels se kantoor. Glasafskorting wat Barend se kantoor is. Op muur hang horlosie.*

*Gordyn gaan oop. Donker verhoog. Iemand struikel oor obstackles.*

NEELS: Shit! Shit! Waar's die donnerse lig?

*Struikel weer. Ligte gaan aan. Neels kyk vir paar sekondes rond, stap na sy lessenaar, sit sy werksak neer, loer weer rond en stap na die glasafskorting (barend se kantoor). Die muurhorlosie wys vyf-dertig.*

*Neels krap op die lessenaar. Tel 'n paar fotoraampies op en bekyk dit. Tel een op en soen dit.*

NEELS: Môre, my liefste.

*Neels maak gereed om uit Barend se kantoor te stap. Kyk rond asof hy nie tevrede voel om net uit te stap nie. Draai sy rug op die gehoor en urineer in een van Barend se potplante. Neels gaan sit by sy lessenaar.*

*Die muurhorlosie stap vinnig na vyf-minute na ses. Barend kom ingestap; kyk geskok na sy horlosie, dan na Neels dan na die muurhorlosie en weer op sy horlosie. Barend gaan sit in die glasafskorting by sy lessenaar. Barend kyk nie op vanaf sy papierwerk nie. Neels staan fluitend op en stap na die balkon (nog donker buite) en steek 'n sigaret aan. Hy loer gereeld binne toe met die hoop dat Barend by hom sal aansluit. Trap die sigaret dood en stap binnetoe. Hy tel die foon op en begin skakel. Sit neer. Staar vir geruime tyd na Barend. Tel weer foon op en begin skakel net om dit weer neer te sit. Hy haal 'n stuk papier uit sy laai en begin skryf. Deur die venster raak dit daglig. Staan op en tree mates af en bring dit op die plan aan. Barend loer onderdeur*

*na Neels se aksies. Neels sit vir tyd en staar na papier en neem dan weer mates. Na tyd vrommel hy die stuk papier op en begin met nuwe stuk papier. Barend skakel vanaf sy foon en Neels se foon lui.*

BAREND: Is daar die moontlikheid dat ek in hierdie week resultate sal hê op daardie twee projekte wat op jou lessenaar lê?

NEELS: Daar is ’n paar probleempies wat nog uitgesorteer moet word.

BAREND: Jy weet dat jy dit enige tyd met my kan kom bespreek as jy vashak.

NEELS: Ek hak nie vas nie. Dit neem net tyd.

BAREND: Ek dink daar is al heelwat tyd aan daardie projekte spandeer.

NEELS: Ek sal dit uitsorteer.

BAREND: Goed. In hierdie week nog?

NEELS: Ek sal doen wat ek kan.

*Neels trek ’n werkleer nader, blaai lusteloos daardeur; plaas weer terug en trek sy vloerplan nader.*
*Verhoog verdoof en word weer verlig met beligting wat duidelik deur die venster later die middag is. Die muurklok wys half-sewe. Barend kyk op sy horlosie en vir Neels en weer op sy horlosie en dan na sy papierwerk.*
*Neels staan op en Barend kyk na sy horlosie. Neels stap op balkon uit en steek sigaret aan. Hy loer na binne en Barend werk steeds. Neels skrik effens wanneer die balkondeur agter hom oopgaan. Barend gaan staan teen die oorkantse balkonmuur.*

BAREND: Gaan jy nie huis toe vandag nie?

NEELS: Ek kan dieselfde vraag vir jou vra.

BAREND: Wat is jou case?

NEELS: Watse case? Met jou vrou of met die werk?

*Barend storm op Neels af en met Neels se krag swaai hy Barend om en halflyf oor die muur. Barend herwin sy kragte en beur homself terug.*

BAREND: Jou bliksem. Jy wil my mos oor die muur smyt!

*Beide ruk en pluk aan mekaar, maar daar is ook 'n versigtigheid in beide vir naby aan die muur wees.*

NEELS: Ek dink dis wat jy beoog het om te doen.

BAREND: Dink jy ek is so simpel om dit te doen.

NEELS: Ek en jy weet wat jy werklik is en waartoe jy in staat is.

BAREND: Wat is ek en waartoe is ek in staat?

*Neels antwoord nie en steek sigaret aan. Hy draai sy rug op Barend.*

BAREND: Antwoord my. Waarvan praat jy? Jy is nog net so in die bol gepik soos toe jy 'n laaitie was.

NEELS: En jy het jou evilness tot perfection gebring.

BAREND: Jy yl en ek het nie tyd vir die snert nie.

*Barend draai om en loop terug die kantoor in.*

*Neels slaan met sy vuiste op die balkon muur.*

NEELS: Shit, shit shit. Ek kannie!

*Neels is ontevrede met homself.*

NEELS: Morax, jou blisem. Ek het jou gese ek kannie hierdie opdrag van die allerhoogste uitvoer nie!

*Barend maak weer sy verskyning op die balkon.*

BAREND: Wil jy, soos jou mofgat boetie, spring?

NEELS: Vok, jou, jou anti-christ! Ek weet dat jy die anti-christ is.

BAREND: (*geskok*) Waar kom jy aan sulke snert?

*'n Skoonmaker stap die dowwe lig van die kantoor binne. Sy gestalte is soos die van Morax*

NEELS: (*skree verby Barend*) Morax ! Morax !

*Barend kyk om.*

*Die skoonmaker wys handgebare om te vra of hy balkon toe geroep word.*

NEELS: Morax!

BAREND: Dis Anthony!

*Neels kyk barend ongelowig en verward aan.*

*Barend beduie aan die skoonmaker dat hy maar voort kan gaan met wat hy doen.*

*Skoonmaker stap met asblik weer die kantoor uit.*

BAREND: My donner. Jy is erger nou in die bol gepik as toe jy ‘n snotneus was. Jy moet toegesluit wees!

*Barend stap stadig nader aan Neels.*

NEELS: Bly weg van my af!

BAREND: Loop jy met hierdie anti christ stories te koop rond?

NEELS: Die heelal is bewus van jou. Morax het dit aan my uitgewys. En jou tyd vir in die donker kwaaddoen is verby.

BAREND: Jy is fokkin simple. (*stap nader*) En gevaarlik vir mense.

*Barend stap tot amper teenaan Neels. Sy hande maak gereed om ’n greep op Neels te sit. Neels reik na sy broekspyp en haal die mes uit die halter om sy been uit. Neels hou die mes voor hom uit.*

NEELS: Moenie my dwing om dit te doen nie, want dit gaan nie veel dwang kos nie!

BAREND: Ah, so jy loop gewapend hier rond. Soos ’n groot skollie. Weet jy in watse stront sal jy wees as ek dit rapporteer?

NEELS: Dis vir presies hierdie bedreiginge dat ek gewapend moet wees.

BAREND: Sekuriteit sal nie ’n saak hê met jou mallige teorieë nie. En watse bedreiginge?

NEELS: Vir wanneer die anti-christ homself en almal in die onmiddelike omgewing sal vernietig om sy identiteit geheim te hou.

BAREND: Dit is jy wat my skade wil berokken met jou stories.

NEELS: En jy gaan alles om jou vermoë doen om my stil te maak.

BAREND: Dit is nie wat ek beplan nie, maar sou ek wou, het jy nog steeds geen mannemoed om teen my in opstand te kom nie.

*Barend gee die tree tot teenaan neels. Die mes gly in barend se lyf in. Barend buk vooroor, halflyf oor die muurtjie. Met een beweging stamp neels hom oor die muur.*
*’n Kreet kom van onder die geboue uit.*
*Teensinning leun Neels oor die muur om te kyk. Hy ril en bring sy bolyf terug. Hy haal ’n sakdoek uit en vee die mes af. Gehipnotiseerd en verdwaas staar hy die mes aan. In een swiep sny hy oor die palm van sy linkerhand.*

NEELS: Aaaghhhh!

*Neels klem sy linkerhand vas. Wieg vorentoe en agtertoe. Dan sukkel hy om die mes met sy linkerhand vas te hou. Hy neem die dolk van die mes in sy mond en trek die palm van sy regterhand oor die meslem.*

NEELS: Aaaghhh!

*Bloed loop oor sy hande.*

NEELS: Morax! Morax?

STEL

*Hofsaal. Tafel met vier stoele staan in die middel van verhoog. Dwars gedraai na gehoor. Aan linkerkant is regter se bank. Voor dit en laer af is die getuiebank.*

*Gordyne gaan oop met ligkol op Neels wat by 'n tafel in die hof sit.*

*Beide Neels se hande is in verbande.*

*Op die tafel is n bybel.*

*In die hoek van verhoog is een helse bliksemstraal en daar staan Morax in 'n glorious sight.*

*Neels skrik maar ruk hom reg en is bedonderd wanneer hy sien dit is Morax.*

*Verhoog verlig. Morax stap oor na Neels.*

NEELS: (*histeries*) Waar de hel was jy al die tyd? Jou veradderlike veraaier. (*spoeg Judas uit*) Jou Judas ……jou……jou………. Ek sit en vergaan in 'n vokkin tronk!

MORAX: (*hande en vlerke omhoog om 'n poging aan te wend om Neels tot bedaring te bring*) Bedaar, bedaar.

NEELS: Bedaar se gat!

MORAX: (*Morax wag totdat daar effense bedaring by neels is en vou dan sy vlerke agter sy rug in*) Neels, dit was nodig om te wag en te sien of jy deur die

eerste fase kan vasbyt. Sou jy nie, sou daar nie hoop gewees het dat die plan volbring kon wees nie.

NEELS: Wat bedoel jy? Ek het my onmiddelik aan die polisie oorgegee en daarvoor sit ek, al vir drie dae, met twee stink dronkes, ’n ou oortrek van die bloed en sere, en ’n vloekend besetene.

MORAX: My teenwoordigheid daar sou beslis meer steuring vir jou veroorsaak het.

NEELS: Steuring se moer! Een van die haaglike goeters het in die hoek gekak. Nie dat ek ’n vol fimies ou is nie, maar my magtig ek is nie ’n vark nie. Ek het in die sel rondgekyk vir enige moontlike ding waaraan ek my kon ophang. Fokkol.

MORAX: Neels, ek is jammer dat jy dit moes verduur, maar dit kon nie anders nie.

NEELS: Ek gaan nie weer selle toe nie. Al moet ek aan jou vlerke hang en hier uitvlieg. Ons was nie almal op Robbeneiland om van die lewe in ’n sel ’n interesante storie te maak nie. As als nie volgens plan verloop nie; kan die galg my enigste beloning wees.

MORAX: Dit gebeur nie meer in julle land nie.

NEELS: Niks is ooit vir seker in hierdie land nie.

MORAX: Selfs julle bybel ondersteun dat die wet aan die krimineel se kant moet wees. “en as hy weet dat die wet nie gegee is vir die regverdige nie, maar vir die wettelose en tugtelose mense, godelose en sondaars, onheiliges en ongewydes, vadermoorders en moedermoorders, moordenaars, hoereerders,” en so gaan dit aan.

NEELS: Dat die wet aan die krimineel se kant is, is wel ‘n feit in hierdie land.

MORAX: En Neels, dis nog steeds ’n wen-wen situasie vir jou want dan sterf jy as ’n martelaar en as jy dit doen juis vir die christen geloof erf jy die ewigheid.

Jy word gejudge op jou eie gewete. Geen mens is heilig genoeg om vir jou die reëls van die lewe voor te kan skryf nie.

NEELS: Dus was ek al die jare op die regte pad deur nie onderdanig te wees aan enige mense se menings nie.

MORAX: Sien Neels, sou jy eendag in die christene se hemel beland is daar baie uitkomkans. Die christene het ’n protective clause in die woord ingebou. Dat eendag sal jy soos in ’n spieël kan sien. Daardie spieel is jou gewete.

*Vroue staatsaanklaer stap die hofsaal binne. Skraal funky en tog professioneel aangetrek. Hare is spiky en strepe gekleur.*

NEELS: Wat doen sy hier?

MORAX: Dis die staatsaanklaer.

NEELS: Agge here, my grootste vrees omtrent die hofsaak het ’n werklikheid geword; ’n vroumens as die public procecutor.

STEM: Staan in die hof vir regter Conradie.

*Boeta (volgens Neels) kom die hof ingestap en bestyg as regter die podium en gaan sit. Hy is ’n verrimpelde middeljarige man. Nadat hy sit haal hy sy pen doppie af en krap daarmee in sy oor en bekyk dit vir ’n wyle.*

STEM: Sit.

NEELS: (*bly staan verskrik en ontsteld*) Wat de fok soek jy hier?

BOETA: (*regter betrag Neels vir ‘n geruime tyd*) Meneer Jordaan ek is regter Conradie.

*Boeta skuifel die papiere voor hom reg.*

NEELS: Jy het van die balkon gespring. En ek moet dit sê …… jy lyk maar sleg.

BOETA: Nee meneer Jordaan, ek het nie van ’n balkon afgespring nie.

NEELS: Wel ek het jou nie daar afgestamp nie.

*Neels tel die bybel op. Gedurende die hofsaak swaai hy dit in die lug op al het die gesprek geen aanhaling van die bybel is nie.*

BETS: Edelagbare, kan u asseblief die hof tot orde roep.

BOETA: Orde, orde. Meneer Jordaan sit asseblief.

NEELS: (*wys na staatsaanklaer*) Dis Bets. Wat de bliksem gaan hier aan? Sy is my vriendin van kindsbeen af. Ek het die ander dag met haar oor die foon gepraat toe vertel sy vir my van die warm gloede wat sy kry en dat sy dink sy is in menopause. Maar daardie vrou daar voor is beslis in menopause gone wrong.

*Neels kyk in Bets se rigting en roep fluisternd.*

NEELS: Bets! … Bets!?

NEELS: (*kyk na Morax*) Maar dit kan nie Bets wees nie. Daardie dingetjie het seker twee pouched eggs in haar cups. Bets het volupteous borste gehad. Sy kon nie eers haar onderklere by kettingwinkels koop nie. Dit was by hierdie fuller figured woman klerewinkels gekoop.

MORAX: Neels, omdat die man die swakker geslag is en hy so vollop is in die regstelsel, is borste totaal taboo in ’n hofsaak. Die man se verlange om sy kop daar op die borste neer te lê, maak dat sy kop nie helder redeneer nie.

NEELS: Maak nogal sin. Mans wat sê meer as ’n handvol is ’n waste wil maar net in hulle kleintietige vrouens se goeie boekies bly. Wat het die grootte van sy hande en borste met mekaar te doene? Wil hy die borste iewers heen dra? Dis soos vrouens wat mans het met klein tottermannejties sal sê lengte maak nie saak nie.

BETS: Edelagbare kan u asseblief vir meneer Jordaan vra om op te hou praat?

BOETA: Meneer Jordaan, met wie gesels u?

NEELS: Morax.

BOETA: En Morax is …?

MORAX: Neels, ek dink nie die tyd is reg om hulle van my teenwoordigheid bewus te maak nie.

NEELS: Hoekom nie?

MORAX: Neels, luister vir my. Sover het ek nie vir jou in die steek gelaat nie. Ek het belowe om jou by te staan en ek is hier. Maar jy gaan my leiding moet neem.

BOETA: Wie is Morax meneer Jordaan?

NEELS: Wie het gepraat van Morax?

BOETA: U het meneer Jordaan.

NEELS: Ek het gesê ek mompel sommer so by myself.

BOETA: Meneer Jordaan, hou dan net u gesprek met wie ookal dit is, sag, sodat die res van ons dit nie hoef te hoor nie.

NEELS: Okay.

MORAX: Sien Neels. Die regter is simpatiek gesind teenoor jou. Vertrou my; alles sal vlot verloop.

NEELS: Ek moes 'n vrou gewees het dan was ons kop deur. Mans van vandag laat wragtig toe dat die vroumense enige iets kan doen en word hulle kwytgeskeld, want dis daai tyd van die maand. Tot die howe het dit as versagtende omstandighede aanvaar. Ek kan steeds nie glo dit is Bets nie. Die vrou lyk verbitterd.

MORAX: Dit is omdat haar seksualiteit vir hierdie hofsaak weggeneem is.

*Pa Jordaan kom die hof ingestap. Hy het 'n swart toga aan met shoulder padding wat hom breed, groot en majestieus soos Morax laat vertoon. Hy gaan sit langs Neels. Die wit en die swart in kontras wederkant van Neels.*

PA: (*kyk na Boeta*) Jammer dat ek laat is edelagbare.

NEELS: Wat doen pa hier?

*Neels kyk verbysterd na Morax en dan weer na pa.*
*Pa kyk agter hom, want hy kan nie uitmaak met wie Neels praat nie. Dan kyk hy weer vraend na Neels.*

NEELS: Wat doen jy hier?

PA: Ek is u prokureer meneer Jordaan.

NEELS: Nee jy is nie; Morax is my regsverteenwoordiger.

PA: Wie's Morax?

NEELS: Ek begin agterkom dat julle spul sondaars hom nie kan sien nie, maar hy is very much hier aan my regterkant.

PA: Ek sal voorstel dat as u enigsins wil hê hierdie hof moet u ernsige opneem; u eerder nie ’n onsigbare verteenwoordiger hê nie.

NEELS: Pa het die saak mis. Dit het niks te doen met of ek die hofsaak wen nie. Dit het als te doen met die boodskap wat ek moet uitdra.

PA: Meneer Jordaan, u beter ernstig raak voordat ons in erns met die hofverrigtinge begin.

BOETA: Orde, orde, orde.

*Dit raak stil. Boeta krap nog paar maal in sy oor met die pennedoppie. Dan bekyk hy die doppie en vee dit aan sy toga af.*

NEELS: (*aan Morax*) Sies jissis … sien jy wat doen hy? Ek verstaan nie hierdie besigheid wat om my aangaan nie. Boeta is fieslik, Bets is ’n plank en pa noem my meneer Jordaan.

MORAX: Hou jy net jou sinne ten spyte van dat niks is soos wat dit was nie. Hulle probeer jou verwar.

BOETA: Meneer Jordaan, sal u asseblief u plek in die getuiebank neem.

*Neels stap na die getuiebank. Morax stap majestiuees langs hom en bly staan net buite die bank.*

BOETA: Meneer Jordaan sal u, u regterhand op die bybel, voor u, plaas en sweer om die waarheid te praat.

NEELS: Moenie vir my sê jy glo die stront dat ’n ou sy hand op die bybel sit en die waarheid vertel nie. Hoekom sal daar dan sulke lang hofsake wees as elkeen die waarheid praat?

BOETA: Meneer Jordaan sal u, u regterhand op die bybel plaas en sweer om die waarheid te praat.

MORAX: Neels, ons het nodig dat jy die prosedures volg. Dit is al hoe jy gedurende hierdie hofsaak die geleentheid gaan kry om jou boodskap te lewer.

*Neels plaas sy regterhand op die bybel en sy linkerhand in die lug.*

NEELS: Ja, ja, ek sweer om die waarheid en niks behalwe die waarheid te praat nie.

BOETA: Juffrou Avenant, u aanklag is.

BETS: Edelagbare, Neels Jordaan het op 30 Julie meneer Barend Smit vanaf ’n balkon in Kaapstad afgestamp. Hy het homself daarna aan die polisie oorgegee en erken dat hy aandadig was aan die moord.

NEELS: Dit was nie ’n moord nie.

PA: Edelagbare, ek maak beswaar dat juffrou Avenant beweer dit is ’n uitgemaakte saak. Ons het nog nie bepaal of die moontlike skok van die insident vir meneer Jordaan tot irrasionale dade laat oorgaan het nie. En of daar geen druk vanaf die polisie was om meneer Jordaan tot hierdie erkening van skuld te dwing nie.

NEELS: Ek was totaal rasioneel. Ek wil ook nie hê dat hierdie man my verteenwoordig nie. Ek is my eie verteenwoordiger.

BOETA: Ek het geen beswaar as u, uself wil verteenwoordiger nie. Meneer Pieterse?

PA: Mag ek u versoek om my dan steeds in ’n konsulterende kapasiteit vir meneer Jordaan te plaas.

BOETA: Ons kan nie meneer Jordaan se wense teengaan nie, maar ek is seker hy sal nie beswaar hê teen u versoek nie meneer Pieterse. (*draai na Neels in die getuiebank*) Het u beswaar teen meneer Pieterse se versoek?

NEELS: Dis goed so, maar hy is op ’n trial run.

PA: Edelagbare, mag ek ’n paar minute met my kliënt konsulteer?

*Pa stap oor na getuiebank en vergesel Neels vanaf daar terug na die tafel.*

*Pa vertoon swart en groot teenoorMorax wat wit en majestic aan Neels se ander sy vertoon.*

` *Neels gaan sit op stoel maar trek dit ent weg van pa.*

NEELS: Ek weet nie hoekom jy my nou wil verdedig nie. Jy het my nooit erken nie en ek het myself nooit as jou seun gesien nie. Onthou jy nie dat ek te lig geweeg was vir jou nie?

PA: Kyk, ek weet nie wat u storie is om my seun te wil wees nie. Al wat ek kan sê is dat u staan ’n beter kans met my as regsverteenwoordiger as ‘n pa.

*Pa skud sy kop met die besef dat dit gaan ’n moeilike saak wees.*

NEELS: Vir wat praat jy so compasionate met my?

PA: Ek dink u het my meer nodig as wat u besef.

NEELS: Ek het jou nog altyd nodig gehad.

PA: Ek wil nie afleidings maak nie, maar pa's en seuns is nie noodwendig close om mekaar lief te hê nie. Baie seuns wil braaf voorkom en dan het hulle hierdie koppige en selfstandige houdinkies wat eintlik sommige pa's de moer in maak.

NEELS: Wie van julle het ooit nader gekom vir my om iemand weg te stoot?

PA: Dalk het u pa tog probeer nader kom op sy manier.

NEELS: (*Neels raak opgewonde*) Boeta was jou seun. Ek was jou mislukking. Jy het nie vir my aan Boeta gemeet nie. Jy het Boeta aan my gemeet. Hom geprys vir waar hy nie een van my tekortkomminge gehad het nie.

PA: Ek is seker u pa was bewus van al sy kinders se tekortkominge, maar dis nie waaraan hy sy liefde gemeet het nie.

NEELS: Dis net toe jy uitgevind het dat hy 'n moffie was. Dit was die enigste tekortkoming wat jy in hom gevind het.

*Neels slaan met sy hand op die tafelblad.*

NEELS: Aaaghhhh!

*Neels klem sy hand vas.*

*Pa sit sy arm vertroostend om neels se skouers.*

*Neels spring uit stoel uit.*

NEELS: Wat de fok gaan hier aan?

PA: Kom, meneer Joubert, sit. Ek sal nie aan u raak nie.

BOETA: (*slaan met griffel*) Menere, hierdie hof ontaard in ’n sirkus. Sal meneer Jordaan asseblief na die getuiebank terugkeer.

*Neels staan op en stap na die getuiebank.*

*Morax stap saam en staan langs getuiebank.*

BOETA: Meneer Pieterse, wil u die klient ondervra.

*Pa staan op en stap tot voor Neels.*

PA: Meneer Jordaan, ek kan sien hoe braaf u probeer dat mense nie naby u toegelaat word nie. Watse werk het u vader gedoen?

NEELS: (*gil dit uit*) Oh please! Don’t act all stupid. Jy was jare lank voorman in die skoenfabriek.

PA: Dink aan die uitmergelende eentonigheid daarvan. Dit was daardie jare maar bekhou en gaan werk. Hy het seker elke dag sewe-uur ingeklok; tien-uur die oggend sy toebroodjies geëet wat u moeder liefdevol vir hom ingepak het. Maak nie saak of daar lekker goed op was of nie.

NEELS: Jissis en dit was dag na dag en ek het nooit jou griewe gehoor nie. Dat jy nie gecrack het van verveeldheid nie is god se wonder.

PA: Die lewe was eentonig vir hom maar tog eenvoudiger as ons bestaan. Ou mense het net eenvoudig geglo dat ’n man moes sonder teëpraat werk omdat hy die broodwinner was.

NEELS: Ja, jy was ’n ou vasbyter. Kyk dan met Boeta. Nadat jy uitgevind het hy was ’n moffie het jy nie tot en met jou sterwensdag met hom gepraat nie.

PA: Dit gaan oor keuses maak en verantwoordelikheid neem vir jou keuse.

NEELS: Jy dink nie jou keuse van nie met Boeta praat het hom na sy dood gedryf nie?

MORAX: Neels, probeer minder aanvallend wees. Onthou jy het die vloer nodig om jou boodskap oor te dra.

PA: Daar was nie soveel geleenthede vir u ouers om keuses te maak nie. Dus was hulle nie vertroud met hul eie denkwysses nie. Jou vader kon tevrede wees met sy huis, want sy huis was net so goed of sleg soos die van die buurman.

NEELS: En dit als omdat ek die verkeerde job gekies het. My magtig, ek was agtien en moes ’n besluit neem vir die volgende veertig jaar van my lewe. In die sweet van jou aangesig. Omtrent die eerste vraag wat ’n vreemdeling jou vra is watse werk jy doen. Om jou te meet en te kort te vind.

MORAX: Neels, probeer weg beweeg van om die martelaar te speel.

*Pa loop met hande agter rug so ’n draai voor die getuiebank.*

NEELS: Ek wil weet of jy rondgeneuk het?

PA: (*lag*) Hier het u vader ook nie nie veel van ’n keuses gehad nie, want die een vrou het maar gelyk soos die ander. Hulle het maar almal getrou en by die huis gebly; kinders gehad en vet geword. Niemand het veertig geraak en skielik met body beat begin nie.

BETS: Edelagbare, ek wil nie disrespekvol wees nie, maar meneer Pieterse en Jordaan is besig om ’n wandeling deur die verlede te neem.

BOETA: Menere, ek moet met juffrou Avenant saamstem.

PA: Ek vra nog net ’n minuut van die hof se tyd.

BOETA: Goed u het u minuut.

PA: Almal het ook maar dieselfde bietjie geld huis toe gebring. Dus kon u moeder nie juis vir u vader verneder oordat die tannie langsaan 'n beter sitkamerstel as sy het nie. Ek dink die mens van vandag se grootste rede vir hemel toe wil gaan is nie om sy skepper te gaan ontmoet nie. Dis omdat almal dieselfde gaan wees. Ewe mooi; ewe slim en ewe gesond. Ontevredenheid, die wortel van alle ontevredenheid en ongelukkigheid, is daarbo uitgeruk. Vir die oumense moes die hemelse aantrekkingskrag gewees het, dat daar geen swaarkry gaan wees nie.

*Daar is lang stilte.*

NEELS: Ek kan jou nie vergewe nie. Eintlik is ek ook moers kwaad vir ma.

PA: Meneer Jordaan u moet in ag neem dat daar nie in hulle dae al hierdie infromasie was van hoe mens met kinders om gaan nie. Kinders was daar en ouers het na hulle omgesien. So eenvoudig soos dit.

NEELS: Maar nie onvoorwaardelik nie. Van baie kleins af het ek geweet dat pa wou hê dat ek soos Boeta moes wees. Dit was duidelik dat my liggaam net nooit sou uitsit soos Boeta s'n nie.

PA: U kan nie net 'n aaname maak dat hy wou gehad het u moet soos Boeta wees nie.

*Neels spring sydelings om vir Boeta te gryp.*
*Morax beweeg nader en sit sy hande op Neels se skouers om hom tot bedaring te bring.*

MORAX: Neels, jy gaan jouself moet beheersd hou. Onthou hulle lok jou uit.

*Neels skud Morax se hande van sy skouers af.*

NEELS: In die privaatheid van my kamer het ek allerhande oefeninge gedoen om spiere te ontwikkel. Ma het ook pa se skimpe oor die meer kos ernstig opgeneem, want ek het gehoor hoe sy jou streng berispe wanneer jy met my gesukkel het.

PA: Moeders oorbeskerm hulle kinders.

NEELS: Dit was nie oorbeskerm nie. Ek kan haar hoor sê … Neels is nie Boeta nie. Sy gestel is nie so sterk soos Boeta s’n nie en dis nie hy wat homself gemaak het nie, Petrus. Jy moet tevrede wees met jou maaksel. Hy sal maar altyd knoeserig wees.

*Neels strek sy arms soos ’n operasanger uit en sing.*

NEELS: Boereseun, boereseun, jy moet maar sukkel my seun. Jy kry min sakgeld; jy’s moeder se held. Boereseun, boereseun.

*Boeta slaan met griffel.*

BOETA: Orde, orde, orde. Tot hiertoe met hierdie drama. Julle twee menere maak van hierdie hofsaak ’n soapie van ’n dysfunctional familie. Ek kan dit nie verder toelaat nie.

*Neels val terug in stoel in getuebank met kop in hande.*

BOETA: Meneer Pieterse het u nog enige vra vir u kliënt?

PA: Nie vir die oomblik nie, edelagbare.

*Pa gaan sit.*

BOETA: Juffrou Avenant, het u vrae vir die beskuldigde.

BETS: Seker, u edelagbare.

*Bets nader die getuebank.*

BETS: Meneer Jordaan, wat het met u hande gebeur?

NEELS: Ek het dit gesny.

BETS: Per ongeluk?

NEELS: Nee.

MORAX: Neels, probeer bietjie meer toegeneë wees.

NEELS: Vir wat? Sy is aan die vyand se kant.

BETS: Wat van die vyande, meneer Jordaan?

NEELS: Niks van die vyand nie.

BETS: Het u al voorheen vir u gesny?

NEELS: Nee.

BETS: Edelagbare, sal u meneer Jordaan herinner dat hy nog onder eed is.

BOETA: Meneer Jordaan u is nog onder eed.

BETS: Meneer Jordaan, het u al voorheen uself gesny?

NEELS: Ja.

BETS: Wanneer?

NEELS: Lank terug.

BETS: Hoe lank terug meneer Jordaan?

©Rita Swanepoel

NEELS: Toe ek jonk was. So dertien seker.

BETS: Hoekom?

NEELS: (*gil*) My god ek weet nie.

BOETA: Orde, Orde.

MORAX: Gee haar ’n biejtie inligting sodat sy makker kan raak en vir jou ’n onversteurde spreekbeurt gee.

NEELS: Wel, ek kan mos nie hierdie goeters onthou nie.

MORAX: Jy het jou begin sny nadat jy uit die bosse gekom het. Nadat die bose bende jou lewendig begrawe het of onderstebo gehang het.

BETS: In watter gemoedstoestand was u wanneer u dit gedoen het?

*Neels bepeins vir ’n geruime tyd.*

BETS: Meneer Jordaan?

NEELS: Ja, wag. Hoe moet ek onthou in watter gemoedstoestand ek was. Ek het uit die bos gekom.

BETS: Kan ek daaruit die afleiding maak dat u uself sny wanneer u kwaad is of nadat u in die bos was? Of as u dalk hartseer is?

NEELS: Nee, ek was eintlik kwaad.

BETS: Wat het die bos daarmee te doen?

NEELS: Ek wil nie oor die bos praat nie.

BETS: Was Barend Smit ook in die bos?

*Neels slaan weer hand op leuning.*

NEELS: (*gil*) Aaaaghhhh …. Wat de fok het die bos en Barend met my boodskap te doen?!

MORAX: Asseblief Neels, ruk jou reg. Ons is so naby aan die geleentheid om die boodskap uit te dra.

BETS: Meneer Jordaan. Ek let op dat u uself seer maak, sodra daar ‘n ongemaklike vraag aan u gevra word. Dan hoef u nie oor die bos te praat nie. Was u hartseer of kwaad nadat u uit die bos uitgekom het meneer Jordaan?

MORAX: Sê albei.

NEELS: Albei.

BETS: Hoe dan so?

NEELS: Ek het kwaad geword vir myself wanneer ek hartseer raak.

BETS: Dit is vreemd. Hoekom sal u kwaad raak wanneer u hartseer is?

NEELS: Want ek het so magteloos gevoel. Dat ek geen verweer gehad het teen wat ander aan my gedoen het nie.

BETS: Waar was u ouers?

NEELS: Ek kon nie na my pa toe gaan nie, want hy is die een wat my kinderjare sommer goed opgedonner het.

BETS: Wil u sê dat wat met u lewe verkeerd gegaan het, u vader se skuld is?

NEELS: (*raak opgewerk*) Nee. Ek het nie dit gesê nie. Jy lê woorde in my mond.

MORAX: Neels, neem dit rustig.

*Asof die ondervraging Neels afgewen het buig hy sy kop en sit roerloos.*

PA: Edelagbare, is juffrou Avenant se ondervraging relevant?

BETS: Beslis u edelagbare. Gun my ’n paar minute.

BOETA: Goed juffrou, maar daar is ’n beperking aan hierdie soort van ondervraging. Ons wil graag by die kern van die saak kom.

BETS: Edelagbare ek wil bewys dat die kern van hierdie saak is nie in die hede nie, maar in die verlede.

BOETA: Goed, maar ons het net die hede se tyd, so moenie verlore raak in die verlede nie.

BETS: Dankie, Edelagbare. Meneer Jordaan, voel u dat u verder kan gaan?

MORAX: (*kyk begaan na Neels*) Neels, kan jy verder gaan?

*Morax klim in die getuie bank en slaan een vlerk oorNeels se skouer. Neels kom orent en Morax haal sy vlerk af en beweeg weer na buite die getuebank.*

BOETA: Meneer Jordaan, wil u voortgaan?

MORAX: Neels, Ek dink die tyd is reg vir die boodskap.

NEELS: Ek wil pleit. Ek pleit en soebat dat my pa vir my lief was. Dat hy vir my en Boeta kon aanvaar het?

MORAX: Neels, daar is genoeg freedom of speech vir jou om nou die boodskap te lewer. Dit is nie nodig dat jy verder in jou verlede ingaan nie. (*harde stem*) Nou Neels, nou.

NEELS: Op kleinskooltjie was ek een jaar in ’n konsert. My rol was om as die hasie op die verhoog rond te spring. Pa het dit te hore gekom en een Sondag na kerk die juffrou ingeloop. As sy hase wou hê sou hy ’n strik stel en vir haar ’n paar hase bring, maar sy seun is nie ’n hasie nie. Min wetend dat sy oogappel gaan uitdraai as een groot haas.

BOETA: U het gesê u wil pleit meneer Jordaan?

NEELS: Skuldig.

BETS: Edelagbare mag ek nog ’n vraag aan meneer Jordaan rig?

BOETA: Gaan voort en hou tot die punt.

BETS: Was u die afgelope tyd onder meer stres as gewoonlik?

NEELS: Nee. Hoekom?

MORAX: Neels, die geleentheid sal verby gaan vir die lewering boodskap. Ek beveel jou om nou onmiddelik die boodskap te lewer.

BOETA: Juffrou Avenant. Wat is die relevansie van u argument?

BETS: Edelagbare, dit is baie duidelik. Meneer Jordaan weet nie hoe om sy emosies toepaslik te verwerk nie. Meneer Jordaan blyk ’n geskiedenis te hê van ontoepaslike uitlewing van sy emosies.

NEELS: (*praat hard*) And you’re point is?

BOETA: Orde meneer Jordaan.

NEELS: (*agresief*) Gaan jy haar net toelaat om haar mond uit te spoel oor dinge waarvan sy niks weet nie?

BOETA: Orde meneer Jordaan.

MORAX: Neels, bedaar. Ons wil nie hê dat jy opgesluit word vir minagting van die hof nie.

NEELS: Hierdie meneer Jordaan maak beswaar.

BOETA: Van die hand gewys. Gaan voort juffrou Avenant.

BETS: Dankie u edelagbare.

NEELS: (*maak Bets na met gesig getrek*) Dankie edelagbare. (*maak ’n suiggeluid met mond*)

BOETA: (*baie ferm*) Meneer Jordaan. Gaan voort juffrou Avenant.

BETS: Meneer Jordaan het ’n motief om van meneer Smit onstlae te raak. Dit was Barend Smit wat hom in hul jeug in die bos begrawe en opgehang

het. Meneer Smit was die kiem van meneer Jordaan se woede, vernedering en selfmutelasie.

PA: (*spring regop*) Edelagbare daar is versagtende omstandighede.

NEELS: Nee. Pa wil homself nou voordoen as versagtende omstandighede. Dis te laat. Ek het dit nie nou nodig nie. Al dit wat hy my nou wil bied wou ek as ’n weerlose kind gehad het. Hy wil dit nou gee sodat hy in vrede kan rus.

MORAX: Neels, hierdie man gaan die saak verongeluk, want daar gaan begin redeneer word oor versagtende omstandighede en die fokus gaan vanaf Barend Smit verskuif. Vir die laaste maal beveel ek jou om die boodskap te lewer.

BOETA: Meneer Jordaan, u regsverteenwoordiger is meneer Pieterse en nie u pa nie. Ek weet nie waaroor julle gekonsulteer het nie, maar wat ookal ek sal nie hierdie hofsaak in ’n familie twis laat ontaard nie.

PA: Edelagbare ek dink dit moet bepaal word of meneer Jordaan oor die verstandelike vermoëns beskik om werklik aanspreeklik gehou te word.

NEELS: Soos wat my verstandelike vermoë altyd iets was om oor kop te skud.

*Morax begin om uit die hof te stap.*

BETS: Menere ek maak beswaar oor die rigting waarin meneer Pieterse hierdie saak wil swaai.

NEELS: Ek het Barend Smit van die balkon af gestamp, maar dit was bloot die uitvoer vanaf ’n oppermag. Ek moet die boodskap wat Morax vir my gebring het aan die christene oordra.

*Morax draai terug en stap nie weer tot langs die getuie bank nie, maar bly halfpad tussen uitgang en getuiebank staan.*

BOETA: Meneer Jordaan, u is onder eed.

NEELS: Die hemele het ’n streep getrek tot hier toe en nie verder vir hierdie heidene wat gewin daaruit kry om hulle as christene voor te doen. Elkeen van hulle gaan, soos Barend Smit afgemaai word binne die volgende maand. Die tyd vir repent het aangebreek.

BETS: Het meneer Jordaan ’n soortgelyke boodskap ontvang die aand toe sy broer oor die balkon is?

NEELS: Ek vra dat haar stelling geskraap word. Daar is geen bewys dat ek verantwoordelik was vir my broer se dood nie.

MORAX: Neels, sy wil jou ontstel en ontsenu. Gaan net voort met die boodsakp.

PA: Die leefwyse van meneer Jordaan se broer kon hom gedwing om tot so ’n stap oor te gaan.

*Neels gryp die bybel, laat dit oopval en lees irrelevante tekste voor.*

NEELS: “

.”

*Bets, Boeta en pa kyk na Neels en dan verbystered na mekaar.*

BOETA: Orde, orde, Meneer Jordaan. Dis nou verregaande. Nog een so ‘n uitbarsting en ek laat u uit die hof verwyder. Juffrou Avenant.

BETS: Edelagbare, meneer Jordaan wil graag hê dat daar op hierdie sogenaamde boodskap gekonsentreer word. Maar ek is oortuig dat om mense van balkonne te stamp 'n gedragspatroon van meneer Jordaan is.

BOETA: Juffrou Avenant, sonder bewys gaan ons nie weer daar nie.

BETS: Goed u edelagbare. Dis net dat dit wil voorkom asof meneer Jordaan redelik in die omgewing was waar mense van balkonne afspring.

NEELS: (*begin histeries raak. Neels wys na Bets*) Bets probeer om my …

BETS: Ek sal verkies dat meneer Jordaan my nie as Bets aanspreek nie en my as juffrou Avenant aanspreek.

NEELS: Ag, asseblief. Met watse airs is jy hier besig. Ek het nie juffrou Avenant gekreun die tye wat ek binne jou was nie. Of het ek, fok my sinneloos, misverstaan vir noem my juffrou Avenant.

MORAX: (*verloor sy kalmte ook*) Neels! Ruk jou reg!

NEELS: Moenie vir my voorskryf hoe ek die opdrag moet uitvoer nie. Solank ek die opdrag uitvoer. Van waar de fok jy ookal vandaag kom is jy net so judgemental soos hierdie gespuis wat hier sit en die spul wat onder die kluite lê.

BOETA: Meneer Jordaan ek gaan nie hierdie tipe gedrag in my hof toelaat nie.

NEELS: Moenie vir jou skynheilig hou nie. Voor jou aangeleerde smaak vir holle, het jy die einste juffrou Avenant ook baie bygekom.

BOETA: Stilte, meneer Jordaan.

NEELS: Wat is dit met jou Boeta? Jy het nogaltyd my kant gevat. Nou sit en luister jy na die kak wat Bets praat.

*Boeta ignoreer Neels en bly gefokus op Bets.*

BETS: Meneer Jordaan het al die volgende stellings gemaak en ek haal aan. Boeta se besigheid het vir pa ses voet onder die kluite gesit. Vanaf die dag wat Boeta sy closet deur oopgemaak het tot met pa sterfdag het hy g'n woord met of van Boeta gepraat nie. Boeta was soos in dood vir pa. Pa het nie geweet hoe 'n mens aan 'n moffie slaan nie.

NEELS: Ek het oorgeloop van trots op Boeta.

BETS: (*stem word harder en sy bou die momentum op waarmee Bets die stellings na Neels slinger*) Het jy nie vertel van jou skaamte met jou pa se begrafnis nie. Dat Boeta jou pa se skaamte was en dat hy veroorsaak het dat jou pa ook in skaamte sterf. Het jy nie jou broer 'n vader en moedermoordenaar genoem nie? Toe meneer en mevrou by die begrafnis opdaag, kon daar nie uitgemaak word wie eintlik mevrou was nie, want altwee het met die saamgeknypte holletjies geloop. Die familie was in verwondering. Of was dit vervoering; of verwarring? Wat was jou presies woorde?

NEELS: Bets, ek het hierdie dinge vir jou in vertrou gesê.

BETS: (*bedaard*) Dit was nie vir my gesê nie.

NEELS: Jy was my beste pel.

BETS: So het u ook baie pels waar u gaan drink in die aande. Pels wat praat.

NEELS: Ek het hierdie intieme dinge met net twee mense in my lewe gedeel. Die ander dag met Morax en met jou.

BETS: Meneer Jordaan ek ken u van geen kant af nie.

NEELS: Lyk my jy het jou hart saam met jou borste verloor. Maar ek moet sê dat die nuwe jy en ek sal net so goed oor die weg kom.

BETS: Meneer Jordaan, jou woorde was dat jou pa het van skaamte gesterf. Jy wou van Boeta weet of hy nie sy gepainte gevreet van die begrafnis kon weghou nie. Julle het op mekaar gegil en die familie verder ge-entertain.

Dat Boeta nie by jou ma se begrafnis was nie, maar jy het so via die en via daai gehoor dat hy op daardie tydstip weer in ’n inrigting opgeneem was. Meneer of mevrou het hom glo gelos en toe het hy vir die soveelste keer probeer selfmoord pleeg.

NEELS: Sien daar sê jy dit. Dat Boeta al die soveelste keer selfmoord probeer het.

BETS: En dis hoekom u geweet het u dit kan gebruik, want almal sal maar net dink dit is sy soveelste poging.

BOETA: Juffrou Avenant ek het vir u genoeg tyd toegelaat en alhoewel u dalk die relevansie kan bewys is dit nie met konkrete feite nie.

NEELS: Ek is ook nie hier om vrae oor my verlede te beantwoord nie, maar om oplossings vir die toekoms aan te kondig. Die gevare van die anti-christ is dat hulle in ons midde is. Hy of sy is ons kind, ons broer of ons geliefde

*Neels laat weer die bybel oopval en lees irrelevante tekste voor.*

NEELS: “

.”

BETS: (*praat oor die gelees van Neels*) Edelagbare, dit is duidelik dat meneer Jordaan nie geregtelik bevoegd is nie. Ek doen die aanbeveling dat hy vir dertig dae observasie gestuur word.

NEELS: Wat bedoel jy?

BETS: You need a check up from the neck up.

NEELS: (*lag*) Sien. Bets ek weet dis jy in daardie drag. Bets hoe kan jy? Jy is my beste maat.

BETS: Meneer wat ek wil duidelik maak is dat ouers nie ’n vooraf plan het om hul kinders seer te maak nie. Dit gebeur net. Jou moeder het jou nie gebaar omdat sy vir jou wou gehad het nie. Sy het jou gehad omdat sy ’n kind wou gehad het. Of soos normaalweg dat sy getroud was en dit was die volgende stap.

BOETA: Juffrou Avenant, ek is jammer, maar u dwaal te ver af. Kom tot die punt.

BETS: Jammer u edelagbare. Ek versoek dat meneer Jordaan vir observasie gestuur word. Ek hoop van harte dat almal hier sal met my saamstem dat daar is geen heilige boodskap nie. Dat meneer Jordaan se probleem is om sy woede op ’n gesonde manier te kanaliseer.

NEELS: Fok die meneer!

*Neels klouter uit die getuiebank. Stap tot voor pa.*

NEELS: Wat het hierdie meneer Pieterse te doen met die saak. (*druk sy vinger teen pa se borskas*)

BOETA: Meneer Jordaan as u nie uself betaamlik gedra nie, sal u uit die hof verwyder word.

NEELS: Wat het meneer Pietese te doen met waar ek gestuur gaan word. Wat van vir my vra wat ek hierna wil doen.

*Boeta krap met pendoppie in oor en vee dit ingedagte aan sy toga af.*

NEELS: (*hard*) En hou op dit doen!

BOETA: Wat, meneer Jordaan?

NEELS: Hou op in jou oor krap! Sies man!

PA: Ek kan nie anders as om met juffrou Avenant saam te stem dat meneer Jordaan tog wel ’n probleem het om sy woede te beheer.

NEELS: Net soos dit altyd was. Stuur die probleem weg en vergeet daarvan. Ek wil hier bly en die saak uitpraat. Ek wil die reg hê om my boodskap te lewer of dit vir julle na geklikheid klink of te nie. Dit is wat ek glo. Gun my een maal die reg om te sê wat ek wil sê.

BOETA: (*slaan met griffel praat hard om oor die rumoer wat Neels maak, hoorbaar te wees*) Meneer Jordaan ek gaan u vir dertig dae observasie stuur. Ek stel ’n verhoor datum en dan sal dit voorgelê word of u geregtelik verantwoordelik is. Vandaar sal bepaal word wat die aanklag sal wees.

*Neels beweeg uit getuebank en wil na uitgang hardloop. Morax spring vorentoe.*

NEELS: Ek het my boodskap gelewer. Ek gaan eiland toe. Dit is nie in jou hande waarheen ek gaan nie!

*Morax vou sy vlerke om Neels. Plofgeluide, ligte, rook en die verhoog verdonker.*

STEL

*Toneel is ’n klein padded sel van ’n inrigting vir geestelike versteurdes.Regs is ‘n deur met tralies voor ‘n opening. In die hoek is ‘n yster kateltjie.*

*Verhoog verlig en neels sit in padded sel agter seldeur.*

NEELS: My transfer vanaf die hofsaal na my eiland moes soos die rapture gewees het. Daar is geen recollection daarvan in my geheue nie. Morax moes my op sy vlerke geneem het en gevlieg het na my eiland. Maar nou sit ek hier en wag dat Morax my sal besoek op die eiland, want daar is ’n paar dingetjies wat ek met hom sal wil uitklaar. Nie dat ek wil kla oor die ses lakeie wat so te sê alles vir my doen nie, maar met eie eiland het ek ook bedoel op my eie op die eiland te wees. Ek wil nie lakeie hê wat my kos vir my aandra, my klere vir my bring, my neem om te bad, my skeer nie. Maar na Morax se goeddunke het hy seker aangeneem dat ek ’n eiland soos die rykes wou gehad het. ’n Eiland wat deur ander gemaintain word. Strange van hierdie eiland is dat daar geen see of son is nie. Maar met al dit kan ek nog lewe. but what really pisses me off is dat hy die eiland ’n naam gegee het. Jissis, dis my eiland en ek sou wragtig nie so ’n simpele naam soos Valkenburg gekies het nie.

*Betragting*

NEELS: Ek het dan gevra ek wil alleen wees. Of wat het ek gevra?…. Vir my eie eiland? … Wel al het ek nie … dit beteken tog sekerlik op my eie eiland. Op my eie op my eie eiland.

*Neels staan op en loop mompelend met hierdie vraag.*

GORDYNE